Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 9 Jan. 1946. No. 7.

# Uniale Laertrek Op Bloemfontein

## O.B. GAAN SY STRYDLEËR HERBEWAPEN

*Genl. J. A. Smith skryf soos volg:*

***Weer vergader offisiere uit alle dele van die Unie op Bloemfontein, hierdie keer op 7 en 8 Februarie.***

**In Oktober 1941 was daar die groot en tot hiertoe die grootste uniale laertrekking van die Ossewabrandwag, toe daar ruim 800 aanwesig was en daar die uitbreiding van die organisasie tot 'n VOLKSBEWEGING vir volkspolitieke, volksekonomiese en sosiale aangeleenthede deur die Laer versoek was.**

**REPUBLIEK**

Die taak van die O.B. het van toe af geword, soos die besluit gelui het:

**„Om met alle middele tot sy beskikking en elke poging te steun tot verwesenliking van 'n Republiek, onafhanklik van alle buitelandse magte en gegrond op die Nasionaal-Christelike lewensbeskouing van die Afrikanervolk.**

Die Laer beklemtoon dat tot bereiking van bogenoemde doel, die volgende vereistes nodig is:

(a) **dissiplinering van die volk;**

(b) **die inwendige konsolidasie van die volk, d.i. die geestelike opbou van die volk;**

(c) **die samesnoering van alle Afrikaners tot 'n eenheid op grondslag van hul gemeenskaplike oorsprong, taal en tradisies.**

Seker uitgebreide magte is aan die Oppergesag van die O.B., nl. die Groot Raad verleen.

**POLITIEKE STRYD**

**Dit het gebeur te midde van** 'n geweldige binnelandse politieke stryd toe die Regering alle wette ter beskerming van burgerregte en voorregte omver gegooi het en deur middel van noodregulasies die bewind gevoer en die O.B. met mag en geweld probeer onderdruk het. **Ewe venynig, ru, skaamteloos en gewetenloos was die stryd wat die politieke partye in bondgenootskap teen die O.B. aangeknoop het.**

**PARLEMENTÊRE VERKIESING**

In 1943 vind i.p.v. een sentrale Laertrek, 'n reeks plaas, nl. te Potgietersrust, Johannesburg, Kaapstad, Oudtshoorn, Cradock, Bloemfontein en Kroonstad.

**By hierdie geleentheid vind dit plaas onder dieselfde toestande soos in 1941, wat eerder verskerp is en op die vooraand van 'n algemene verkiesing, waarin 'n verbete stryd tussen Afrikaner en Afrikaner oor setels in die Volksraad losbars om die kloof dieper in die volksgeledere te maak.**

En wat was die besluit? Dit kan maar net weer die beginsel van saamstaan gewees het. Dit het so gelui:—

**„In elke kiesafdeling waar die party-organisasies van die Afrikanerdom ooreenkom om 'n onderling aanneemlike volkskandidaat te stel, sal sodanige kandidaat verseker wees van nie alleen die steun maar ook die organisatoriese steun van die Ossewabrandwag . . . .**

**„Ten aansien van die erns van die toestand wil die Ossewabrandwag 'n dringende beroep doen op elke Afrikaner om op hierdie grondslag die geledere te sluit en 'n verenigde stem te laat hoor. . ."**

**SAMEWERKING VERWERP**

Met spanning is gewag op die besluit van die partye. Hulle het die voorstel vir samewerking verwerp . . . Die H.N.P. het nie eens die brief wat die aanbod bevat het, beantwoord nie! Die Pers het dit verswyg.

(Vervolg op bls. 8, kol. 1)

# Die Oorlogsmisdadigers En Die Regte Regters

*„In Neurenberg word 'n bloedige klug afgespeel waarin verteenwoordigers van een volk — die volk wat die oorlog verloor het — as misdadigers verhoor word, en waarin die ander volke, wat die oorlog weens beter en wreder wapens gewen het, as die regters optree." So lui 'n verklaring wat deur die Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, dr. J. F. J. van Rensburg uitgereik is.*

*„Oor die beweerde skuld van die aangeklaagdes wil ons hier nie uitwei nie. Oor die bevoegdheid van die regters, nie as persone nie maar as verteenwoordigers van hul onderskeie volke, kan baie gesê word.*

*„Die Duitse Volk word in hul leiers aangekla, onder andere dat hulle die godsdiens teengewerk of onderdruk het, dat hulle grootskeepse vernietiging van lewens deurgevoer het en dat hulle die agressors in die oorlog was.*

*„Al wag die tonele mens ook hoe, dan moet mens nietemin erken dat die volke wat op die regbank sit deskundiges, vakmanne, in die onderhawige klagtes is."*

Neem die eerste klagte: die teenwerking van die godsdiens, en die verspreiding van anti-Christelike gedagtes.

**Niemand kan betwis nie dat die Russiese verteenwoordiger op hierdie gebied wel vakman is. Want vir die laaste twintig jaar en langer het die Sowjets — met hulle leuse dat godsdiens net opium vir die volk is — die Christelike kerke met wortel en tak uitgeroei.** As daar in Rusland nog georganiseerde Christendom is dan kan geen billike mens die skuld aan die Russiese regering gee nie. Hulle het hul bes gedoen — nes hulle dit nou in Duitsland doen — en daarom herhaal ons dat, afgesien van die skuld of onskuld van die aangeklaagdes, hulle sekerlik deskundiges op die betrokke gebied as regters het. Naamlik die U.S.S.R.

Ook op die volgende klagte, naamlik die grootskeepse vernietiging van burgerlike lewens, is die regbank deskundig, wat die volke betref, wat daar verteenwoordig is.

**Want geen eerlike mens kan ontken dat die atoombom wat op digbewoonde stede afgegooi was, die grootste oomblikkike vernietiging van man, vrou en kind in die menslike geskiedenis veroorsaak het nie.** Vir vier vierkant myl is alle lewe, van mens, plant en dier, binne 'n enkele sekond uitgeveeg. G'n masjiengeweer of gifgas het nog ooit sulke resultate bereik nie. Dus ook daar kan die volke, wat op die regbank verteenwoordig is, met gesag praat. Naamlik die V.S.A.

Oor die aanklag van agressie staan dit vir elkeen, wat nie siende blind en horende doof is nie, heeltemal onbetwisbaar dat daar 'n Empire verteenwoordig is wat die grootste van die wêreldgeskiedenis is. Een kwart van die hele aardbol val onder die Union Jack. Daarteen was die Romeinse Ryk betreklik klein, die Duitse Ryk 'n nietigheid, en selfs die Russiese Ryk beslaan maar 'n sesde van die aardbol. **Met ander woorde, die Britse Ryk is die grootste buit van agressie wat tot dusver in menslike geskiedenis gekom het.** Ook daar, derhalwe, is daar deskundiges wat oor die Duitsers sal moet regspreek oor die kwessie van agressie. Naamlik die Britse Empire.

Verder word beweer dat die Duitsers hulself as 'n baasvolk of uitverkore ras beskou het. Ook hier is die regbank redelik deskundig. **Was dit nie die Engelse digter Kipling nie, bewierook deur die Empire van Victoria, wat geskryf het van ander rasse as „the lesser breeds without the law" — minderwaardige rasse wat buitekant die wette staan?**

**Maar hulle kon darem nog 'n volk op die regbank oor die Duitse „Herrenvolk" laat sit het, wat op daardie gebied al oor die vierduisend jaar van deskundige ervaring het — die uitverkore volk, wat enige man of vrou wat buitekant die ras trou summier uit die eie geledere uitwerp as 'n melaatse — naamlik die Jode.**

Nee, deskundige regters het die Duitse volk in sy magtelose ellende wel.

Tensy mens wil betwyfel, natuurlik, of wolwe werklik die beste skaapwagters uitmaak. Maar as mens dit betwyfel dan is mens — op hierdie tydstip — uit die mode. Want die wêreld skyn dit te aanvaar.

Vandaar die verhoor te Neurenberg.



Die Geallieerdes wat glo geveg het vir Christelikheid en menslikheid beroem hulle vandag daarop dat hulle hul verslaande vyand onmenslik en onridderlik behandel. Engelse koerante plaas foto's van die Duitse leiers en spog daarmee dat hulle maer en afgeleef lyk. Göring is by voorbeeld op een plek afgeneem om te toon hoe sy uniform soos 'n sak aan hom hang nadat hy ses maande onder Geallieerde sorg was. Op bostaande foto kan die oorsaak van die aftakeling gesien word. Dit stel die middagmaal voor wat deur die gevange leiers genuttig word — sonder borde moet hulle soos diere uit panne eet, terwyl hul brokkies droë brood op 'n kaal tafel lê. En hierdie karige maal kan hulle nie eens in rus geniet nie. Afnemers staan gereed om hulle af te neem sodra hul monde oopgaan.





'n Egte Suid-Afrikaanse Produk

Kry dit by u Handelaar of Apteker

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK. Posbus 3180 KAAPSTAD

# Russiese Skaduwee Val oor Midde-Ooste

Alle sake, selfs die Sionisme in Palestina, word in die skaduwee gestel deur 'n nuwer en groter krisis wat tans aan die ontwikkel is in die Midde-Ooste, nl. die Russiese houding ten aansien van Iran, Irak en Turkye.

**Die Jewish Herald verklaar in 'n berig uit Washington dat agter die Brits-Amerikaanse kommissie van ondersoek insake Palestina daar nie soseer die begeerte skuil om die Palestynse probleem op te los nie, maar om 'n Brits-Amerikaanse front te skep teen Russiese eise in die Midde-Ooste.**

Die Iraniese regering het amptelik verklaar dat hy die Russe verantwoordelik hou vir die moeilikhede in Azerbaijan (Noord-Iran). Die Russe sit agter die sogenaamde Demokratiese Party se afskeidingseis, wat lui dat Azerbaijan hom moet afskei van Iran en 'n outonome republiek word.

Die regering van die V.S.A. glo ook nie dat die instelling van 'n outonome bewind in Azerbaijan die gevolg van 'n spontane beweging is nie, word uit Washington berig.

Die rebelle in Noord-Iran (die Russe noem hulle die demokrate) is nog steeds besig om die magte van die Iraniese regering uit Azerbaijan te verdrywe.

**In Teheran wag Harold Minor, hoof van die Amerikaanse departement van buitelandse sake se afdeling vir die Nabye Ooste, nou al twee weke vir verlof om na Azerbaijan te gaan om toestande aldaar te bestudeer. Die Russe weier nog eenstryk verlof. Insgelyks wag ses Britse en Amerikaanse persmanne wat ook aansoek gedoen het om die gebied te besoek ook nog in Teheran.**

Op Donderdag, 20 Desember, het die Russiese pers vir die eerste keer aansprake op Turkse gebied gepubliseer. Rusland eis nl., namens een van sy sowjette, Georgië, die provinsies Kars en Erzeroem wat deel van Turkye is.

**Genl. Karakabir het in die Turkse nasionale vergadering verklaar dat die Dardanelle Turkye se keel en die Karshoogland sy ruggraat is. Indien die Russe dit sou beset, het hy gesê, sou dit lei tot Russiese oorheersing van die Middellandse See en van Basra, wat aan die bopunt van die Persiese Golf geleë is. Dit sou die sterktepunte wat Britse en Amerikaanse belange beskerm, neutraliseer en sou ook die vernietiging van Turkye meebring.**

Voorts het hy verklaar dat indien die Rooi Leër en die Turkse leër bots Rusland verliese sal ly „wat tot onmeetbare hoogte angswekkend sal wees."

**Radio Ankara het uitgeroep: „Terwille van een handvol Turkse grond sal die hele Turkye veg — en veg tot die laaste man toe."**

# Britse Ryk Klaarpraat In Indië — Sê Nehru

**Die Indiese skrywer Krissa Lal Shridhrani het in 'n radiopraatjie gewaarsku dat Indië se geduld op 'n end is. „Die wêreld kan hierdie lente of somer groot dinge in Indië verwag—sake loop nou na 'n punt", het hy gesê. „Indië gaan kragtig optree om sy onafhanklikheid te kry", het hy bygevoeg.**

Die eleksies wat onlangs in Indië gehou is het sowel die Kongresparty as die Mohammedaanse Bond versterk. Eersgenoemde het 55 setels en laasgenoemde 27 uit 'n totaal van 102 verower. Die enigste punt waarop hierdie twee partye dit roerend eens is, is die eis dat die Britte Indië moet verlaat.

Dit is te verwagte dat hulle hierdie eis sterk op die voorgrond sal stel.

Die gees wat tans in Indië vaardig is, blyk uit die toenemende invloed van die militante leier Pandit Nehru en die voorstel dat Sorat Bose, broer van Subhas Bose, voormalige hoof van die Japanees-gesinde Vrye Regering van Indië, die leier word van die Kongres-party in die Wetgewende Vergadering.

Nehru het in Kalkutta verklaar:

**„In die samehang van die geskiedenis, het die Britse Ryk in Indië opgehou om te bestaan, hoewel dit moontlik nog 'n rukkie lank 'n ellendige bestaan sal voer." Voorts het hy gesê dat die Britse pogings om in Indië te bly „nog 'n jaar of twee of miskien langer kan slaag, maar dit sal nie tot voordeel of wins van die Britse imperialisme geskied nie."**

# V.S.A. Kongres Steun Jode

## BRITTE HOU VOET BY STUK

**Die Jode se aanhoudende en toenemende agitasie vir die onbelemmerde instroming van hul rasgenote in Palestina, het 'n onverwagte weerklank gehad in die Amerikaanse Senaat.**

Die Senaat het met 'n oorweldigende meerderheid 'n voorstel ondersteun wat onbeperkte Joodse immigrasie na Palestina beoog. Die besluit is geneem op aanbeveling van die Senaat se Buitelandse Sake-Komitee.

Op voetspoor van die Senaat het die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers 'n besluit aanvaar waarin op vrye Joodse immigrasie na Palestina aangedring word.

**Die besluit van die Kongres is 'n klap in die gesig vir sowel pres. Truman as die Britse regering en die Palestynse Arabiere.**

**Dit beklemtoon voor die wêreld die Amerikaanse Kongres se ondersteuning van en simpatie met die Joodse rebelle in Palestina.**

Die Britse regering in oorleg met pres. Truman het 'n Brits-Amerikaanse kommissie saamgestel om verslag uit te bring oor die hele Palestynse kwessie. Na aanleiding van hierdie verslag sou sowel pres. Truman as die Britse regering handel.

Die besluit van die Amerikaanse Kongres het die bevindinge van die Brits-Amerikaanse kommissie vooruitgeloop; pres. Truman en die Britse regering vir die gek gehou; en aan die Joodse rebelle in Palestina 'n oorwinningsrondte besorg.

**Die Britse regering het egter die immigrasie van Jode in Palestina heeltemal stop gesit. Afgesien van sowat 400 Jode wat reeds permitte het om die land binne te gaan en wat familie in Palestina het, kan geen Jode meer wettig binnegaan nie.**

As gevolg van hierdie ontwikkeling het die toestand in Palestina weer gespanne geword. Daar is 200,000 gewapende manne in die land. Dit beteken dat een uit elke drie manne — hetsy Jood, Arabier of Brit — gewapen is en klaar staan om te skiet.

Die reaksie van die Jode was groot en goed georganiseerde uitbarstings van geweldpleging teen die Britse gesag in al die groot stede van Palestina. In Jerusalem, Haifa en Tel Aviv het groot skade as gevolg van bomontploffings en brande ontstaan. Die Britte het bykans 2,000 mense aangekeer en hulle staan gereed met minstens 50,000 troepe om enige situasie wat mag ontstaan die hoof te bied en hul gesag te handhaaf.

**Die stryd in Palestina raak al meer 'n Joods-Britse en al minder 'n Joods-Arabiese pekel. Die Jode het pres. Truman gevra om hom te onttrek aan die jongste Britse optrede in Palestina.**

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en
Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

ONS STAAN
IN DIENS VAN
DIE BOEREVOLK
VIR ALLES
SONOP
BLOEMFONTEIN
DIE WINKEL
MET 'N IDEAAL

VAN ZYLS
— DIE MANSUITRUSTERS —
PAARL
Baie groot voorraad TENNISRAKETTE op hande. HERSNARINGS van rakette onder spesiale toesig. Netjiese SNYERSPAKKE. Skrywe om maatvorms en monsters.
BAIE GOEIE BEHANDELING
EN BILLIKE PRYSE

# Derde Wêreldoorlog Kom Gewis

## Groot Asiatiese Opstand

**Bevoegde militêre waarnemers meen dat die saadjies vir die derde wêreldoorlog vandag in Mantsjoerye en Noord-China gesaai word. Sommige waarnemers verklaar selfs dat die huidige botsings tussen die Chinese regeringsoldate en die kommuniste miskien die eerste gevegte van die derde wêreldoorlog kan wees.**

**Die Indiese Kongres-leier, Nehru, het 'n Asiatiese opstand voorspel waaraan miljoene gaan deelneem en waaruit die derde wêreldoorlog gaan voortspruit.**

Brittanje beywer hom vir 'n verlore saak, het hy gesê, en insgelyks ook Amerika, wat ten gunste van die Britse Ryk is. Die volke van Asië gaan hulle nie aan enige ryk of dominium onderwerp nie. Hulle sal daarteen in verset kom. Dit is gewis.

Die opstand in Indonesië is die voorspel tot die groter opstand.

Sapa berig dat gerugte in die Russiese besettingsgebied in Duitsland in omloop is van 'n oorlog tussen die Amerikaners en die Russe om die Duitsers uit die hande van hul Russiese onderdrukkers te red.

Amerikaanse gesaghebbendes meen dat die werklike posisie in Noord-China geleë is in die botsing om invloedsfere in Asië tussen die V.S.A. en Rusland. Gevolglik steun die Amerikaanse magte Tsjiang Kai-Sjek in sy stryd teen die kommuniste, sodat 'n verenigde China verkry kan word onder 'n regering wat nie alleen vriendskaplik teenoor Amerika sal wees nie, maar wat ook verpligtings sal hê.

Pres. Truman het inmiddels 'n beroep gedoen om die onmiddellike staking van vyandelikhede tussen die Chinese regering en die kommuniste. Hy het beklemtoon dat die V.S.A. sal voortgaan om die nasionale regering van genl. Tsjiang Kai-sjek as die enigste wettige regering in China te erken.

**Die V.S.A.-regering is voorts voornemens om £500 miljoen aan China te leen en om 'n Amerikaanse gesantskap in Tsjoengking in te rig.**

Die Moskouse nuusblad Prawda skryf dat die aanwesigheid van Amerikaanse troepe in China nie met die land se soewereiniteit versoen kan word nie, en ook nie te rym is met die gedagte aan 'n demokratiese China nie.

**Inmiddels loods die Chinese regeringstroepe met swerms vliegtuie aanslae teen die kommuniste.**

# Alles Joune is Myne Ook — Sê Russe vir Britte

**Sowjet-Rusland hou nie van die Britse koloniale beleid nie en ook nie van die Amerikaanse kapitaliste nie. Dit sê die orgaan van die sentrale bestuur van die Russiese Kommunistiese Party uitdruklik.**

Die blad verklaar dat die „demokrasie, wat sy banier geplaas het op die puinhope van die Fascisme, nie alleen die demokrasie vir die ‚uitverkorenes' mag wees nie. Die volke van die koloniale lande is daartoe geregtig om hul lewe op demokratiese grondslag in te rig."

Voorts sê die blad dat „die Amerikaanse kapitaliste daarop staatmaak dat hulle in enige kolonie in staat sal wees om die beherende ekonomiese posisies te vul en mededingers uit te stoot" en dat „die Britse kapitaliste hulle beywer vir die behoud van hul bevoorregte posisie, sodat geen vreemde mededinger hulle uit die kussings kan lig nie."

Die oplossing gee die blad ook aan die hand:

„Dit ly geen twyfel nie dat slegs deur die nouste samewerking met die Sowjet — 'n regering wat wye en vrugbare ervaring het van 'n werklike demokratiese oplossing van die probleem van nasionaliteite — voorsiening gemaak kan word vir 'n progressiewe grondslag van 'n stelsel van internasionale trusteeskap."

**Hierdie blad het beslis geen doekies om die Russiese koloniale wense en eise gedraai nie. Enersyds betig hy die Angel-Saksers om hul koloniale besittings waaruit hulle op jaloerse wyse alle mededingers weer. Andersyds bepleit die blad dat die kolonies — Indië, Egipte, die Soedan, ens. — in „die nouste samewerking met die Sowjet" onder „internasionale trusteeskap" geplaas moet word.**

# KAPITAAL-ARBEID-BOTSING IN DIE V.S.A.

## *Kommuniste Verdeel Werkers*

**Onderhandelings tussen die werkers en die nywerheidsbase het feitlik tot stilstand gekom in die V.S.A.**

**Nog tweehonderdduisend werkers dreig om te staak (411,000 werkers staak reeds) en hulle getalle belowe om aansienlik uit te brei. Pres. Truman se oplossing, nl. die aanstelling van „Fact-Finding Boards", het dusver oënskynlik nog geen sukses behaal nie, en wel as gevolg van die onversoenlikheid van die kommunistiese C.I.O.**

**Oënskynlik is daar nog net twee alternatiewe oor: Die regering moet óf die stakers hul gang laat gaan óf oorlogsregulasies teen hulle toepas.**

Sedert V-dag tot en met 21 Desember 1945 was daar reeds 1,650 stakings in die V.S.A. waarby nagenoeg een en driekwart miljoen werkers betrokke was.

Gedurende die oorlogsjare het die Amerikaanse werkers lone ontvang bereken teen 52 werksure per week. Noudat die oorlog verby is, het twee dinge gebeur. Enersyds word weekliks honderdduisende werkers ontslaan (daar is alreeds 3 miljoen werkloses in die V.S.A. en verwag word dat die getal teen die end van 1946 op byna 11 miljoen sal staan) en andersyds is die werksweek verminder na 40 uur. Dit beteken dat die werker vandag 30% minder as sy oorlogtydse loon ontvang. Vandaar die groot stakings en die eenparige eis om 'n loonsverhoging van 30%.

### ARBEIDSBEWEGING GRYP IN

Aangesien die Amerikaanse regering geen planne gereed het of beraam om die werkloosheid te bekamp en die volksinkome te vergroot nie, moes die Amerikaanse Arbeidsbeweging noodgedwonge ingryp en hy doen dit met die enigste wapen wat hy het: stakings.

**Die aanduidings is dat voorbereidings getref word vir 'n grootskaalse kapitaal-Arbeidbotsing in die V.S.A. Terwyl Amerikaanse kapitalisme sy konkurrente (insluitende die Britse Ryk) almal ondersit en reikhalsend uitsien na reusewinste uit 'n groot wêreldhandel, maak die Amerikaanse Arbeidsbeweging hom klaar vir die rol van Trojaanse perd.**

### KOMMUNISTE SE ROL

Die V.S.A. met sy reuse-bevolking maak die ontwikkeling van 'n magtige Arbeidsbeweging in daardie land moontlik. En die Amerikaanse Arbeidsbeweging is sterk, ontsaglik sterk. Op Johannesburg het die Arbeids-attaché by die Amerikaanse gesantskap onlangs verklaar dat die beweging tussen 14 en 15 miljoen lede tel en 667 publikasies besit, d.w.s. oor 'n kwart van die groot Amerikaanse dagblaaie beskik.

Hierdie uiteensetting van die krag van die Arbeidsbeweging is eerder 'n onder- as 'n oorskatting.

**Maar dit moet gekonstateer word dat die Amerikaanse Arbeidsbeweging verdeeld is. Enersyds is daar die American Federation of Labour, en andersyds die kommunistiese Congress of Industrial Organisations. Albei is ewe sterk, maar geeneen van die twee is oënskynlik sterk genoeg om alleen die kapitalisme se knie te buig nie.**

Net soos in S.A. is die kommuniste ook in die Amerikaanse arbeidswêreld bedrywig — tot nadeel en verdeeldheid van die Amerikaanse werkers.

Wat die Amerikaanse werkers gaan bereik en watter rigting hulle gaan inslaan weet niemand nie: dit gaan in elk geval 'n beslissende invloed in die hele wêreld uitoefen.

## *Die Misdaadgolf*

**Daar is nog geen tekens van verslapping aan die Unie se misdaadfront te bespeur nie. Moorde, noodlottige aanrandings, verkragting van blanke vroue, roof en diefstal is nog steeds aan die orde. Dit is asof die misdaadgolf met Kersfees en Nuwejaar 'n verwoestende impetus gekry het, want talle berigte in die dagblaaie het die sorgbarende omvang van brutale geweldenary en boosdoenery verraai. Stadigaan laai 'n besadigde gevoel by die blankes op dat aan die heersende verontrustende toestande 'n end gemaak moet word.**

## Egipte Wil Vry Wees

### *ANTI-BRITS EN PRO-RUSSIES*

**Egiptenare van alle skakerings van mening dring aan op die onmiddellike terugtrekking van buitelandse troepe uit hul land en die teruggawe van die administrasie van Egipte en die Soedan, berig Reuter.**

Die Egiptiese eerste minister het verklaar dat slegs die algehele en onmiddellike terugtrekking van alle buitelandse troepe Egipte tevrede sal stel.

**Ernstige anti-Britse onluste word gevrees as aan die eise nie voldoen word nie.**

**Dit word berig dat Rusland die Egiptiese eise steun, en die Britte vrees die aangroei van 'n pro-Russiese Egiptiese gevoel.**

### BRITTE TREK NOUSTROP

Egipte volg die voorbeeld van Indië. Net soos die Indiërs wil die Egiptenare nou hê die Britte moet padgee uit hul land.

Na ses maande van swye het Gandhi weer gepraat van lydelike verset as 'n wapen om Indië se nasionale oogmerke te bereik.

**In Egipte is die Britse vriend Amin Osman Pasja verlede Saterdag vermoor. In 1944 is die Britse lord Moyne vermoor. In Februarie is Ahmed Maher Pasja, die eerste minister wat oorlog teen die Spil verklaar het vermoor. In Julie is 'n Egiptiese parlementslid vermoor en in die afgelope paar maande verskeie Britse soldate.**

# BERIGTE VAN JOODSE LYDING VALS

## Wil Wereldmag — Sê Brit

**Dit lyk asof die Jode 'n plan opgestel het wat tot 'n wêreldmag kan lei, het luit.-genl. Sir Frederick Edgworth Morgan, hoof van UNRRA in Duitsland, in 'n onderhoud gesê. In getalle sal die mag swak wees maar andersins sal dit sterk wees omdat dit kragte sal kan opwek wat die Jode in staat sal stel om te kry wat hulle wil hê. Hierdie organisasie is vasberade om 'n massa-uittog van Europese Jode na Palestina te bewerkstellig.**

### JODE WOEDEND

Die Jode is woedend oor hierdie openbarings van genl. Morgan. Joodse kommentaar lui: „Die verklaring van genl. Morgan kan net sowel uit enige toespraak van Hitler en sy bende gekom het"; „Genl. Morgan se toespraak ruik na Nazisme op sy ergste"; „Die verklaring is so duidelik anti-Joods dat ek my nie sal verwaardig om daaroor te argumenteer nie". Voorts bestempel die Jode die verklaring as skandalige laster teen die Joodse volk en „nog 'n skakel in die ketting van bewyse dat Brittanje probeer om deur middel van 'n gewetenlose plan die deure van die Joodse nasionale tuiste te sluit".

**Die Britse departement van buitelandse sake het besluit om die juistheid van die bewerings van genl. Morgan in verband met die Joodse organisasie in Europa te ondersoek.**

### MORGAN AFGEDANK

Die Europese streekkantoor van UNRRA het bekend gemaak dat genl. Morgan gevra is om te bedank. „UNRRA moet dus hoegenaamd nie gekoppel word aan enige van die menings wat deur genl. Morgan gelug is nie", lui dit verder.

Die blitsvinnige afdanking van genl. Morgan onderstreep die mag van die Jodedom en is 'n illuminerende aanwysing van die werklike regeerders van die wêreld.

Die ontnugterde genl. Morgan het alreeds twee verklarings uitgereik waarin hy sy oorspronklike verklaring probeer afwater.

### FABRIKASIES

**Terwyl genl. Morgan se verklaring wat die feitlike gronde van berigte oor pogroms en gewelddade teen die Jode ontken, rugbaar gemaak word, is die aanklaers in die Neurenbergse verhoor van die Duitse leiers besig om die wêreld te vergas op grieselrige verhale van Duitse vervolging van die Jode.**

Genl. Morgan het gesê dat hy al hoe meer daarvan oortuig word dat die berigte van pogroms en gruweldade teen Jode in Pole al hoe minder op feite gegrond is. Hy meen dat hierdie berigte deel van 'n Joodse plan is om die Jode 'n permanente tuiste te besorg.

Treine vol Jode kom byna daagliks uit Pole in Berlyn aan, het hy gesê. Die meeste van hulle is goed gevoed en goed geklee en het heelwat geld.

### GEMAKLIKE LEWE

**Hul verhale van vervolging in Pole stem opmerklik ooreen. Sy verteenwoordigers in Pole was nie in staat om 'n enkele konkrete geval van 'n pogrom binne Pole te vind nie.**

Na sy mening is daar 'n agterbakse organisasie werksaam. Die organisasie het blykbaar sy middelpunt in Pole en Beiere.

**Hy het verklaar dat daar die een of ander beweegrede of belofte moet wees wat hierdie Jode beïnvloed om 'n gemaklike lewe in Pole prys te gee. Die gemaklike lewe blyk uit hul liggaamlike toestand, klere en geld wanneer hulle Berlyn bereik.**

## Oswald Mosley Krap Britse Parlement Om

**Die vergadering wat Sir Oswald Mosley, leier van die British Union of Fascists, onlangs in Londen gehou het, en wat deur ongeveer 'n 1,000 mense bygewoon was, het groot opspraak in die Britse Laerhuis verwek.**

Lede van die Arbeidersparty het 'n vreesbevange ontsteltenis openbaar oor die herlewing van die Fascisme in Brittanje. Hulle wou allerlei halfbakke regulasies op die wetboek plaas om Mosley aan bande te lê.

Ene **Piratin, 'n Kommunis, het aangedring op wetgewing wat die verspreiding van anti-Joodse propaganda sal belet.**

Arbeiderslede het ook van die geleentheid gebruik gemaak om 'n aanval te loods op die British League of Christian Reformers wat Hitler sou „verafgood".

Die minister van binnelandse sake, Chuter Ede, het verklaar dat die regering volkome bedag is op al die risiko's wat met die herlewing van Fascistiese bedrywighede gepaard gaan.

Lede het gedreig om die saak by 'n volgende sitting nogeens te opper.




WAARDE VIR GELD

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND.

Vir Deftige Tabberds
Twee-stuk Rokke
en Somerhoede
Kom seker eers na
Steyns
DIE DAMES-WINKEL
PAROW

Paarl Monumentale-Werke
(EIEN.) BPK.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)
SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS
Direkteure:
L. A. B. Bohlman – M. Bohlman
Gevestig 1898

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR
EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

SKILFERS

MOENIE
U AANTREKLIKHEID
BEDERF NIE
Raak ontslae van daardie lastige skilfers deur middel van
VOORSLAG-
SKILFERMIDDEL
4/- Posvry van
VOORTREKKER-APTEEK
Kerklaan — Kaapstad (1)
en MAITLANDSTRAAT,
BLOEMFONTEIN

DIE O.B., WOENSDAG, 9 JANUARIE 1945.

# ALMAL SE HOOP

**Die volk van Suid-Afrika gaan die Nuwe Jaar tegemoet met weinig ligstraaltjies om die duisternis wat die toekoms omhul, op te helder.**

Na ses verwoestende oorlogsjare van opoffering, smart en lyding het 1946, die langverwagte vredesjaar, eindelik gedaag; egter met geen vrede, vertroue en geluk onder die volke nie, maar inteendeel met klimmende kommunistiese bedreigings en agressie om te mistroos en te verskrik.

In ons land hang die mismoedige skaduwees van voedseltoue oor 1946. Suid-Afrika se spens is leeg. Daar is tekort aan:

- Vleis
- Mielies
- Koring
- Suiker
- Rys
- Tee
- Botter en Smeervet
- Gekondenseerde melk.

En in die agtergrond klink al luider die gekerm en gehuil van Europa en Asië se miljoene wat 'n wrede hongerdood in die oë kyk.

Daar is geen tekens dat gedurende 1946 'n onderdak vir elke gesin in ons land beskikbaar sal wees nie. Die woningskaarste bly nog 'n nagmerrie wat vernaamlik die teruggekeerde soldate en hul gesinne bloots ry.

Bestaansveiligheid vir elke huisgesin word nog steeds deur die owerheid in ons land as te „duur" beskou vir praktiese verwesenliking; vandaar dat 1946 ook sy kwota van kommer en sorg oor die brood en die werk van more sal oplewer.

Die Amerikaanse prentjie van afdankings en werkloosheid, loonsvermindering en stakings is 'n tydige waarskuwing vir Suid-Afrika.

**Die nagereg op voorgaande dis van onbevoegdheid en verknoeidheid is die voortstormende misdaadgolf wat ons land tans teister — 'n golf wat waarskynlik groter implikasies inhou as net vuige misdaad. Die voogdyskap en prestige van die blankes word bedreig.**

**DIE VOLKSFRONT**

Die uitbuitende kapitalistiese stelsel met sy opbrengs van vyf persent vraterige weelde enersyds en vyf-en-neëntig persent ellende andersyds, bly nog steeds die rigsnoer van ons land se ekonomiese lewe.

Die partystelsel met sy oes van politieke partye, professionele politici en kliek-koerante hou nog steeds die volk verdeeld en gevolglik onbeholpe en magteloos om sy toekoms te beveilig.

**Die grootse, spoedeisende en beslissende taak om orde uit die heersende chaos te skep wag op voltooiing. Ten aansien hiervan setel die verwagtinge van die Afrikanervolk in die Ossewabrandwag.**

Onder hierdie omstandighede rus 'n groot verantwoordelikheid op die Afrikaanse Volksbeweging.

**Die enigste redding van die Afrikanervolk is geleë, eerstens, in die verkryging van Afrikaner-eenheid en daardeur mag, en tweedens, in die invoering van Afrikaner-sosialisme en daardeur bestaansveiligheid vir elke huisgesin.**

Hierdie doelstellings wil die O.B. verwesenlik deur middel van 'n Volksfront, d.i. deur middel van die samesnoering van alle nasionale en sosiale organisasies van die volk.

**In die Volksfront sluimer oorwinning vir die Afrikanervolk!**

## Stryd Teen Siekte

**Die mediese afdeling van UNRRA is tans besig om al sy kragte te mobiliseer ten einde die grootskaalste mediese dienste in die geskiedenis bekend te verskaf.**

**Die slagoffers is Europa se geteisterde miljoene. As gevolg van hongersnood en koue val hulle die siekte maklik ten prooi.**

**Die siektes wat vernaamlik bekamp moet word is tifuskoors, tering, witseerkeel en geslagsiektes.**

**Miljoene sal hierdie winter sterwe . . . .**

### *VOORSORG TEEN NOG 'N GRIEPEPIDEMIE*

'n Herhaling van die griepepidemie wat die mensdom geteister het na die eerste wêreldoorlog, word vir 'n geruime tyd al in mediese kringe gevrees. Ten einde hierdie verskriklike epidemie te voorkom het die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing geen steen onaangeroerd gelaat nie, berig Die Vaderland, en 'n spesiale afdeling in die Rietfonteinse laboratoriums van die instituut is tans dag en nag besig met die vervaardiging van 'n tot nogtoe onbekende serum, wat griepkieme onskadelik maak.

Daar word tussen 10,000 en 15,000 hoendereiers weekliks in die Rietfonteinse laboratorium gebruik om griepkieme aan te teel vir gebruik in die serum.

## OGIES IN DIE NUUS

### *HONGERSNOOD IN EUROPA*

Hongersnood en ontbering vir miljoene lede van Europa se „bevryde volke" met die moontlikheid van gewelddadige wanhoops-uitbarstings, is die lot wat hierdie winter vir Europa beskore is.

Herbert Lehman, direkteur-generaal van UNRRA, verklaar dat die eise wat deur die Verenigde Volke aan UNRRA gestel word, die middele waaroor die liggaam beskik vér oortref. UNRRA is hoegenaamd nie in staat om die hulp te verleen wat die nood sal lenig nie.

### *ONTSETTENDE HUISSKAARSTE IN V.S.A.*

Die Verenigde State sal 1,250,000 nuwe huise jaarliks vir tien jaar moet bou om die woningnood enigsins bevredigend te verhelp.

Hierdie behuisingstekort bied vir die kapitaliste uitmuntende beleggingskanse, wat geskat word op £1,000 miljoen per jaar.

### *EGSKEIDINGS NEEM TOE*

Gedurende die oorlogsjare het die aantal egskeidings in Kaapstad onrusbarend toegeneem. In 1939 was daar 369 egskeidings en in 1940 'n totaal van 362. Sedertdien het die getalle jaarliks toegeneem, soos volg: 1941 — 404; 1942 — 542; 1943 — 677; 1944 — 715; 1945 — 769. Dit beteken dat die aantal egskeidings sedert 1939 meer as verdubbel het.

In Johannesburg is gedurende 1945 niks minder as 1722 egskeidings toegestaan nie, d.w.s. 33 per week.

### *JOHANNESBURGSE STADSRAAD „BUYS BRITISH"*

Hoewel 'n Britse tender vir dieselfde goedere 28% duurder was as 'n Amerikaanse tender het die Johannesburgse stadsraad tog besluit om die Britse tender te aanvaar.

'n Arbeidersparty-lid het verklaar dat Brittanje as gevolg van die oorlog 'n swaar terugslag gekry het en dat hy hoop dat die raad in die toekoms hom sterk daarvoor sal beywer om voorkeur aan Britse goedere te gee en dat die beleid van „Buy British" konsekwent deurgevoer sal word.

### *BRITTE WIL 200,000 MOTORS VERKOOP*

Brittanje is voornemens om 200,000 motorkarre jaarliks te produseer. Om dit moontlik te maak moet ongeveer 140,000 karre uitgevoer word; dit is meer as die helfte soveel as wat Brittanje voor die oorlog uitgevoer het.

Die Britte hoop om 'n vergrote buitelandse mark te verower omdat: (1) Die vernaamste Britse konkurrent ten aansien van die uitvoer van ligte motortjies, nl. Duitsland, nou uitgeskakel is; en (2) Die Amerikaanse motor-industrie opgesaal sit met omvangryke arbeidsmoeilikhede.

Sir Miles Thomas, ondervoorsitter van die Nuffield Motorsaak, het alreeds tydens 'n 14,000 myl reis in 10 dae, bestellings tot 'n bedrag van £1,200,000 vir Brittanje verkry.

# Vryheidsdag, 1946

Die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, het onder datum 3 Januarie die volgende verklaring uitgereik:

**In die afgelope vier jaar het die Ossewabrandwag op 27 Februarie, Vryheidsdag, nog steeds 'n insamelingspoging vir die Noodhulpfonds deurgevoer. Met hierdie en ander pogings het U in die afgelope jare oor die £80,000 vir die noodlydendes, vrouens en kinders van gevangenes en geïnterneerdes bymekaar gebring.**

**G'n ander organisasie of bond of wat ook al het hom om die slagoffers bekommer nie.**

Ons meen met reg te kan sê dat die O.B. daardeur 'n ereskuld van die volk op sy eie skouers geneem het en dit ook vereffen het. Die Noodhulpfonds gaan nog aan, maar ons het alle rede om te verwag dat sy omvang in die afsienbare toekoms sal afneem. Altans genoeg om hierdie spesiale Vryheidsdag-inspanning ook vir ander doeleindes te laat ten goede kom.

**Die Vryheidsdagviering sal dus soos voorheen deurgaan, maar die ingesamelde gelde sal in die eerste instansie na die fondse van die Beweging self gaan, om U Organisasie sodoende te sterk in die stryd wat voorlê en wat alreeds soveel offers geverg het dat niemand dit gewonne gaan gee nie.**

Insover as die Noodhulp dit mag benodig sal die Organisasie van die gelde wat op daardie dag ingesamel word aan die N.H.F. afstaan, maar in die eerste instansie help U deur U inspannings direk die Ossewabrandwag.

**Op 8 Augustus het die droogte ons gestrem maar nie gebreek nie. As die droogte voor 27 Februarie op sy beurt gebreek is, laat ons almal bymekaar staan.**

## O.B. Kersboom Op Goodwood

**Die gebruiklike jaarlikse O.B.-kersboom, en verblyding van die kinderhartjies, deur die Goodwoodse en Eppingtuindorpse vrouekommando's het weereens in die Goodwoodsaal op Goodwood op Vrydagaand, 21 Desember, plaasgevind.**

Ds. J. P. Prinsloo (Goodwood) het die verrigtinge met gebed geopen en daarna boeiende feite meegedeel omtrent die geboorteplek van die Heiland.

Genl. G. Retief het tot die jongspan 'n rede uitgespreek wat vir die kindergemoed so treffend en besielend was, dat dit jammer is dat sy toespraak nie woordelik op skrif bestaan en weergegee kan word nie. Sy vermanings tot verdraagsaamheid en 'n liefdeatmosfeer wat ons Heiland en Kindervriend as God-Mens geskep het, het sekerlik 'n blywende invloed op die jongspansgemoed nagelaat.

Die treffendste van al moes seker vir 'n buitestaande besoeker gewees het, dat O.B.-Boerejeugseuns en -dogters, sowel as van hul andersgesinde maatjies so tuis gevoel het en dat, sonder aansien des persoons, geskenkies, versersinge en snoeperye aan elke teenwoordige seun, dogter en kindjie uitgedeel is. Die betrokke kommandantes, hul offisiere en helpsters se dienende liefde het op alle aanwesiges groot indruk en dank nagelaat.—(Eie berig.)

## William Joyce Tereggestel

Verlede Donderdagoggend om 9-uur is William Joyce, wat tydens die oorlog onder die naam „Lord Haw-Haw" oor die radio met die Engelse volk uit Duitsland gesels het, in die Wandworth-gevangenis in Londen opgehang.

**Onder die aanwesiges was vier manne wat meegevoel betuig het. Hulle het agter 'n klomp bome gaan staan en hul hoede afgehaal.**

## Die O.B. en Eksamenuitslae

**Die O.B.-redaksie voldoen graag aan versoeke wat ontvang is om die Boerejeug en ANDERE wat betrokke is by die 1945-Kaaplandse Junior en Senior Sertifikaat-eksamenuitslae, behulpsaam te wees met die verstrekking van die uitslaggegewens, op die dag en aand, wat die Onderwys-Gaset met die gegewens beskikbaar word.**

**Indien iemand die verstrekking van sodanige gegewens wens te ontvang, sal dit nodig wees om so gou moontlik die betrokke Kandidaat(e) se Junior of Senior Sertifikaat-eksamennommer(s) met die nodige 1/- en telegrafiese adres, (indien dit 'n telegram moet wees), aan POSBUS 1411, KAAPSTAD, te pos. Telefoniese gegewens sal ook verstrek word as nommer 30881 geskakel word op die betrokke dag wanneer die gegewens beskikbaar word.**

### *GAAN STALIN PADGEE?*

Dit word beweer dat Josef Stalin moeg en siek is en dat hy een van die dae van die Russiese en die wêreldtoneel gaan verdwyn.

Sy plek sal dan ingeneem word deur Zhdanov, bygestaan deur Molotov.

### *V.S.A. SETEL VAN NUWE VOLKEBOND*

Daar is besluit dat die permanente hoofkwartier van die Verenigde Volke se organisasie êrens in die ooste van die Verenigde State gevestig sal wees.

### *JODE ONTUIS IN OOSTENRYK*

Die Jewish Herald skryf dat Joodse leiers in Weenen erg besorgd is oor die uitslag van die jongste algemene verkiesing in Oostenryk. Terwyl nie 'n enkele Jood verkies is nie, het etlike bekende anti-Joodse leiers sitels gewen. Die uitslag van die verkiesing het veroorsaak dat selfs die oorlewende Jode nou gretiger as ooit is om Oostenryk te verlaat.

# Jopie Fourie Gehuldig

**In die vroeë more-ure van Sondag, 23 Desember, was te Pretoria 'n plegtige kranslegging gehou by die graf van wyle komdt. Jopie Fourie. Die plegtigheid, onder beskerming van die Ossewabrandwag, het om sewe-uur 'n aanvang geneem. Tenspyte van die vroeë uur en die afwesigheid van stedelike vervoergeriewe het 'n aansienlike skare die plegtigheid bygewoon.**

Die voorpunt van die optog het bestaan uit 'n speerpunt van Boeredogters met O.B.-vlae. Agter hulle was die publiek, gevolg deur die O.B.-Wagafdeling wat die agterhoede van die stoet gevorm het.

PROF. VAN DER WESTHUIZEN

By die graf van Jopie Fourie was o.a. 'n toespraak gelewer deur die gebiedsleier, Prof. Van der Westhuizen. In sy toespraak het hy gewys op die wisselgang in die lewe van 'n volk. Netsoos die see het dit sy wisselinge van laag- en hoogwater, sy tydperke van kalmte en sy tye wanneer daardie kalmte en rustigheid versteur word en wanneer groot golwe op die oppervlakte van die volkslewe uitgestoot word.

**So was daar in die geskiedenis van die Afrikanervolk ook daardie hoogwatermerke, tye toe die volk deur 'n vuurproef moes gaan en toe magtige branders oor die volkslewe heen beweeg het. Soos daar ook by ander volkere in die krisisuur groot manne tevoorskyn getree het, so het die Afrikanervolk ook sonder uitsondering in die ure van sy beproewing groot manne en helde na vore gebring, manne wat die ideale van die Afrikanerdom verpersoonlik het en wat die vaandels van die volk se vryheidsgees deur die donker ure van beproewing heen gedra het.**

**Een van hierdie hoogwatermerke in die volksbestaan van die Afrikaner was die Rebellie van 1914. Benewens ander uitstaande figure het by hierdie geleentheid 'n man soos Jopie Fourie op die voorgrond gekom. Hy was 'n onverskrokke jong Afrikaner wat geword het 'n sinnebeeld van die volk se onvernietigbare drang en strewe na vryheid en selfbeskikkingsreg. Jopie Fourie het 'n heldedood gesterf vir volk en vaderland en daardeur het hy geword 'n inspirasie en besieling vir ander wat na hom sou kom om die goeie stryd voort te sit.**

Mnr. Seymour, 'n plaaslike onderwyser, het kortliks 'n paar interessante feite omtrent die ontslape volksheld meegedeel. Hy het o.a. vertel waar die woning nog te sien is waarin Jopie Fourie die laaste nag in Pretoria geslaap het. Hy was persoonlik goed bekend met Jopie Fourie en hy het die voorreg gehad om hom 'n afskeidshanddruk te gee net voordat hy die wapen opgeneem het om by sy medeburgers in die stryd aan te sluit.

**Na die kranslegging by die graf van Jopie Fourie het meeste van die aanwesiges vertrek na die nuwe begraafplaas om ook by die graftes van wyle genl. Manie Maritz en andere 'n paar oomblikke te gaan vertoef.** — (Eie berig.)

## Politieke Slagoffers Van 'n Partybewind



S. J. Snyman van Rustenburg.

Op 20 Januarie 1942 te Vereeniging in hegtenis geneem. In die Pretoriase gevangenis vir ondervraging aangehou tot 22 Mei 1942. Op hierdie datum te Koffiefontein geïnterneer tot 21 Mei 1944. Daarna op parool uitgelaat te Brits vir 'n verdere 8 maande.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie."

## Nuus Uit Roossenekal

Roossenekal se kommando's is nog vol moed. Ledegeld word fluks deur die lede opbetaal.

Ons flinke wagkaptein Adam Reyneke hou elke Saterdag 'n jukskei-funksie om fondse vir die wagafdeling in te samel. Die offisiere en brandwagte gee gulle ondersteuning en die nodige geldjies vir die afdeling se deelname aan laertrekke is reeds volledig ingesamel.

Ons kommandante het op 14 Desember vir 'n welverdiende vakansie en rus na die Vrystaat en die Kaapprovinsie vertrek.

Komdte. E. Minnaar wil namens die offisiere en brandwagte innige meegevoel betuig aan tant Malie Wolmarans van Rustfontein met die afsterwe van haar seun Christiaan. Sy is 'n ware volksmoeder en die slag was swaar vir haar. Mag sy en haar kinders spoedig troos vind by Hom wat alleen die smart van die hart ken.

Oom Danie Prinsloo wat ernstig siek was is gelukkig weer beter. — (Eie berig.)

## Partystelsel Ingevoer In Stadsrade

**Die stadsraadsvergaderings van Pretoria sal in die eersvolgende jaar die gedaante aanneem van klein volksraadsittinkies volledig met regering en opposisie. Dit is die gevolg van die uitbreiding van die partypolitiek na plaaslike bestuursliggame.**

Die regering (die Citizens' Union) weier om die opposisie (Federasie van Belastingbetalersverenigings) enige seggenskap in die stadsbestuur te gee.

Die „regering" gaan alleen regeer en die „opposisie" sal maar moet aankyk.

**Die lede van die „opposisie" wat verkies is met die uitdruklike doel om deel te neem aan die bestuur van die stad, sal dit nou nie kan doen nie. Hul funksie is nou beperk tot die uitoefening van kritiek op die stadsregering.**

# Meer Polisie en Hoër Salarisse

**Mnr. H. G. Lawrence, Minister van Justisie, het verbeterde salarisskale afgekondig vir alle range, sowel blankes as nieblankes, in die Suid-Afrikaanse Polisiemag en hy het 'n driejaarplan aangekondig waarvolgens die Polisiemag versterk sal word.**

Die nuwe salarisskale sal, bereken op die huidige sterkte van die polisiemag, 'n ekstra uitgawe van £320,000 per jaar meebring.

**Die diens sal uitgebrei word in 1946-47 tot 8,739 blankes en 6,902 nie-blankes. Tans is daar 7,857 blankes en 3,907 nie-blankes in diens. In 1948-49 sal 'n verdere 859 blankes, 858 nieblankes in diens geneem word.**

Die nuwe salarisskale, wat met aanvang 1946 in werking tree, is veral aantreklik vir die jong rekrute. Waar hulle vroeër diens aanvaar het teen £135 per jaar begin hulle nou teen £190 p.j. Die ouer manne met tien jaar of langer diens het heelwat minder om voor dankbaar te wees.

**„Die skale is skynbaar nie aantreklik genoeg om die huidige polisie-amptenare in die diens te hou nie", lui 'n verklaring van mnr. L. J. Rautenbach, sekretaris van die Vereniging van staatsamptenare. Nagenoeg 75 persent van die polisie-amptenare sal altyd konstabels bly, en die Vereniging beweer dat hulle basiese salaris van £400 per jaar nie 'n redelike salaris is vir 'n man met 'n gesin in 'n groot dorp of stad nie.**

Die Minister se verklaring lui o.a.:

Ten einde die posisie wat ontstaan het as gevolg van die toename in misdaad en wetteloosheid in die Unie die hoof te bied, het die regering as deel van die plan om dit te beveg die algehele reorganisasie van die Polisiemag ten opsigte van besoldiging, diensvoorwaardes, getalsterkte en gradering van poste goedgekeur."

## Hulde Aan Ons Helde

Op 7 Desember 1945 het 'n afdeling van die Boerejeug onder asst.-veldkt. M. Smit hulde gebring aan veldkt. B. S. Smit en ander burgers wat op 7 Desember 1914 soos helde gesterf het te Boekenhoutfontein.

Dit is alreeds 31 jaar dat ons volk moet buig onder die vreemde juk.

**Maar daar het 'n paar jaar gelede weer nuwe hoop gekom vir die volk van Suid-Afrika. Soos 'n helder ster in die donker nag het die O.B. verrys. Waar die O.B. nie is nie, kan GEEN lewe wees nie.**

Veldkt. B. S. Smit is gewond op 7 Des. 1914 te Boekenhoutfontein, waar ook 'n paar ander burgers gesneuwel het. Daarvandaan is velkt. Smit per trein vervoer na Pretoria, waar hy na 17 dae aan sy wonde beswyk het. Sy twee seuns Frans en Burrie wat met die geveg gevang is, is met dieselfde trein na die tronk in Kimberley gestuur. Aangesien Oom Burrie (soos alom bekend) swaar gewond was, het hy gevra om sy twee seuns te sien.

Maar die klein gunsie is hom geweier. Wie weet wat sy laaste boodskap aan sy vrou en volk sou gewees het.

En reeds is daar diegene wat roep ons moet vergeet! **Dis alles verby! Nou kom 'n nuwe lewe. Hoe kan ons vergeet? Nooit kan ons die swaar verget nie. Die kale graftes roep: Onthou! Onthou!**

Woolf, wat tans in Palestina op besoek is, het £40,833 aan die Joodse nasionale fonds geskenk.

# DUITSE BATES IS OORLOGSBUIT

## S.A. KRY .8 PERSENT

**Duitse bates wat vir herstelbetalings aangewend word, gaan in twee kwotas ingedeel word, naamlik 'n „A"-kwota wat algemene herstelbetalings sal dek en 'n „B"-kwota wat nywerheidsmasjinerie en ander toerusting in Duitsland dek asook skepe en voertuie vir binnelandse vervoer.**

Aan Brittanje sal 28 persent van die „A"-kwota toegeken word en 27.7 persent van die „B"-kwota. 'n Soortgelyke deel sal aan die V.S.A. toegeken word en Frankryk sal 'n totaal van 16 persent ontvang. Die orige bates sal onder die 14 ander volke verdeel word.

Daar is aangekondig dat die V.S.A., Kanada en die Unie van Suid-Afrika vrywilliglik hul aandeel tot alle Duitse skeepvaart en nywerheidstoerusting afgestaan het. Hul aandeel onder hierdie kwota sal onder die ander volke verdeel word, met uitsondering van Brittanje wat 'n groter aandeel uit hierdie kwota van die hand gewys het.

Suid-Afrika se aandeel in die herstelbetalings onder kwota „A" is .7 persent en onder kwota „B" .1 persent.

Dit is die besluite van die tussen-geallieerde konferensie oor herstelbetalings wat in November in Parys begin sit het. Die konferensie moes 75% van die Duitse bates verdeel. Die orige 25% is alreeds aan Rusland en Pole toegeken.

## Suid-Afrikaanse Oorlogs-Misdadigers

**In die nabye toekoms sal stappe gedoen word teen Suid-Afrika se oorlogsmisdadigers, berig die Cape Times se korrespondent uit Londen. Hulle is almal burgerlikes van Duitse afkoms en een is 'n vrou — 'n sangeres wat gehelp het om patriotiese konserte uit te saai vir die Duitse soldate.**

Dis bekend waar Eric Holm hom bevind en hy kan te eniger tyd gearresteer word.

Lede van die S.A. speurdiens word in Londen verwag, op pad na Duitsland, waar hulle aanklagte sal lê teen minstens vier Unie-burgers wat vir die Duitsers uitgesaai het of hulle in ander opsigte behulpsaam was.

Krygsgevangenes en ander militêre lui wat daarvan verdink word dat hulle die vyand steun verleen het, is teruggestuur na Suid-Afrika en sal voor 'n krygsraad teregstaan. Hulle kom meesal uit Suidwes en die aanklagte teen hulle is nie van 'n ernstige aard nie.


**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**

(Edms.) Beperk

MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

**A.V.B.O.B**

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers Begrafnisversekeraars**

Bloemfontein — Pretoria

130 Takke

**ROELOU BARRY**

(EDMS.) BPK.

GARAGES EN HANDELAARS

Vir Diens te:

Robertson — Montagu

Ashton — Bonnievale

Koebergweg, Brooklyn

Kaapstad — Laingsburg

ALGEMENE HANDELAAR en PRODUKTE-KOPER

**S. J. KRYNAUW**

vir

**Kruideniersware teen die billikste pryse.**

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.

H/v. Garcia- en Nuwestraat.

Foon 68 Bus 54

BEAUFORT-WES.

**G. A. FICHARDT, Bpk.**

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut

MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS

Foon 700 Opgerig 1848

**BLOEMFONTEIN**

*SCHOEMANELLO DRANK*

Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

**KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE**

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraal — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/8 |
| Wocester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soetrig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**

POSBUS 142, OUDTSHOORN

## TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Huishoudelike Kennisgewings:** (Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

**Handelsadvertensies:** Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing. sing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir ses maande. Vooruitbetaalbaar.

**Stuur advertensiebestellings en intekenings aan:**
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Posbus 1411, Kaapstad.

## GEBOORTE

BOTMA. — Aan Mnr. en Mev. D. J. Botma, Eureka, Ceres, 'n O.B.-seun op 16 Des. Naas die Heer ons dank aan Dokter en Suster.

BADENHORST. — 'n Fris O.B.-seun op 18 Des. aan Adj. en Adjte. Piet en Hester Badenhorst.

STRASSBERGER. — Aan Mnr. en Mev. Heini Strassberger van Wupperthal, Clanwilliam, op 11 Des. 'n fris dogter. Naas die Gewer, dank aan Dokter en Suster Brink! . . HANS! . . .

WENTZEL. — Aan Jannie en Hansie (geb. Marais) 'n fris seun, op die pad van Suid-Afrika. Naas God dank aan Suster Joubert, Verpleeginrigting, Petrussteyn.

## VERLOWING

DU PREEZ—ROCHER. — Hiermee maak ons twee, Cecile, oudste dogter van Komdt. en Hfkomdte. P. Rocher van La Rochelle, Velddrift, en André, seun van Mnr. en Mevr. J. J. du Preez, Warrenton, bekend dat ons verloof is.

PIENAAR—GROSSKOPF. — Die verlowing word bekend gemaak van Marie, dogter van Mnr. en Mev. E. B. Grosskopf van Tamboerskloof, met Ben, seun van Mnr. en en Mev. J. W. Pienaar van Rondebosch.

PRINS—NEL. — Hiermee wens ons, Stella, verpleegster van Kaapstad, en Pieter, van die personeel van Die Kopersbond Bpk., bekend te maak dat ons op Kersdag verloof geraak het.

VAN RIJSWIJK—WIUM. — Hiermee maak ons, Lettie en Willem, albei van Stellenbosch, bekend dat ons verloof is.

VAN STADEN—PRETORIUS. — Die verlowing van Tinus, oudste seun van Mnr. en Mevr. Van Staden, Goedehoop, Edenburg en Sarie, oudste dogter van Mnr. en Mev. M. A. Pretorius, Martina, Soutpan, word hiermee bekend gemaak.

VAN DER WATT—BOUWER. — Die verlowing word bekend gemaak van Alba Bouwer van die Paarl met Eben van der Watt van Stellenbosch.

## HUWELIK

BRANDT—GELDERBLOM. — Hiermee maak ons, Nollie, dogter van Mnr. en Mevr. B. J. Wilkinson, Elgin, en Andrew, seun van Mnr. en Mevr. I. J. Gelderblom, Paarl, aan familie, vriende en belangstellendes bekend dat ons op Saterdag, 5 Januarie 1946, om 10.30 v.m. in die Ned. Geref. Kerk te Goodwood in die huwelik bevestig is.

## DOODBERIG

SERFONTEIN. — Sag in haar Heer ontslaap ons dierbare Joey (Swanepoel) in die ouderdom van 20 jaar, in die vroeë môre van 14 Des. 1945.

Wat sal ons treur?
Ag help ons Heer,
Gee ons weer moed.
Dit was U wil.

— Die diepbedroefde Familie. Leeuwkop, Rouxville.

DE VILLIERS. — Met innige leedwese maak ons die heengaan van ons vader Petrus Johannes Gruter (John) bekend, wie op 22 Desember van ons na sy Vader verhuis het, in die ouderdom van 69 jaar. — Vader ons mis u leiding, maar gun u die rus. Namens bedroefde eggenote en kinders. Wynberg (voorheen van Robertson.)

## IN MEMORIAM

**CHRISTIAAN MOCKE †**

TER LIEFDEVOLLE NAGEDAGTENIS VAN CHRISTIAAN MOCKE (KIEP). HEENGEGAAN OP 4 JANUARIE 1945.

Hy het homself opgeoffer vir die Ossewabrandwag en met albei hande gegee aan sy medemense. So baie mense het hom liefgehad.

Beaufort-Wes.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.

S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur)
VOORTREKKERWEG — MAITLAND
Foons 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## DANKBETUIGING



GENLE. ME[illegible] DU TOIT bedank almal wat aan haar Kers- en Nuwejaarswense gestuur het. Sy wens hul dieselfde toe en vertrou dat 1946 vir elkeen 'n voorspoedige jaar sal wees.

THERON. — Hiermee, liewe vriende van Lichtenburg, ons opregte dank en waardering vir die kransies op Kalie se graf, ons geliefde seun en broer.— Familie Theron, Randpoort.

## PERSOONLIK

GERTJIE. — Korporaal Gertjie, Vredelus, Klaasvoogds, Dist. Robertson, se 3½-jarige seuntjie het kinderverlamming en is Vrydag, 4 Januarie na Kaapstad vir behandeling geneem.

Die BOEREVROU wens alle ondersteuners 'n Gelukkige Kersfees en 'n Geseënde Nuwejaar toe.

Mag God die duisende gevalle, wie hulle gesondheid in die afgelope jaar terug gewin het, deur die gebruik van die Boerevrou se Kruiebehandelings, blywende gesondheid skenk.

Vertel u vriende dat alle kwale, hoe oud ook al, deur die Boerevrou se Kruiebehandelings genees kan word en dat die Boerevrou se Antigrys alle grysbare tot natuurlike kleur herstel.

Kom of skryf maar net aan: DIE BOEREVROU, Lawson Mansions 21, Lovedaystraat 74, Posbus 7559, Johannesburg.

MARKAGENTSKAP. — Deskundige inligting gratis aan pluimveeboere. Stuur alle produkte aan: COETZEE, JORDAAN en BOJÉ (EDMS.) BPK., Wolhuterstraat 62, Newtown Johannesburg. Foon: 33-8297. Telegramme: Bojemark.

KOTZÉ—VISSER. — Hiermee maak ons twee, Mieta, jongste dogter van mnr. en mev. Jan Visser van Perdekraal en Kowie, oudste seun van mnr. en mev. Jan Kotzé van Brandkop, albei van Nieuwoudsville, aan al ons familie en vriende bekend dat ons trou op die 28ste Januarie 1946, om 10-uur v.m. in die Ned. Geref. Kerk te Nieuwoudsville D.V. Geen kaartjies. Geen resepsie.

Die Vroue-Kommando Paarl, wens die K.G., A.K.G., asook alle ander offisiere en Brandwagte 'n Geseënde en Voorspoedige Nuwe Jaar toe.

„Die stryd wat ons vaders begin het,
Sal woed tot ons sterf of gewin het".

## KENNISGEWING

KOMDT. SMIT van Tiervlei gee kennis dat hy vir 'n onbeperkte tyd afwesig sal wees en dat Hoofkomdt J. A. Strauss, Duffstraat 46, Tiervlei, in sy plek sal waarneem.

## BETREKKING GEVRA

JONG DOGTER, Std. X, soek betrekking vir algemene kantoorwerk. Kan dadelik begin. Skryf aan: R. POTGIETER, Onseepkans, oor Kakamas.

ELEKTRIESE en GAS-SWEISER. — Goedgeaarde Afrikanerseun, 18 jaar oud, in besit van eersteklas „Progress College"-sertifikaat en goeie getuigskrif van vorige werkgewer. Meld salaris. — Skryf aan: „WELDER", Posbus 67, Lindley, O.V.S.

## BETREKKING VAKANT

BESTUURDER vir Diesel-trekker. Moet sober en vertroubaar wees en goeie kennis hê van 'n Diesel-trekker. Skrywe aan: A. S. ZEEMAN, Goudmyn, Robertson.

WERKENDE VOORMAN. — Moet sober en vertroubaar wees, moet kennis hê van waterlei, lief wees vir diere en melkery kan waarneem. Doen aansoek by: A. S. ZEEMAN, Goudmyn Robertson.

SNELSKRIFTIKSTER. —Dadelik en dringend benodig 'n gekwalifiseerde Snelskriftikster vir Gebiedshoofkwartier Port Elizabeth. Goeie salaris word aangebied. Kennis van Boekhou 'n aanbeveling. Moet so gou moontlik begin. Moet O.B.-gesind wees. Doen aansoek by Stafhoof, Harmonie-gebou, Noord-Einde, Port Elizabeth.

## TE KOOP

AARTAPPELMOERE. — Goeie gesonde Arran Chief Aartappelmoere. Eiergrootte 35/-, groter, vir een keer deursny 33/-. Tafelaartappels 30/-, op Petrus-stasie gelewer. K.M.B. — D. J. DE KOCK, Uitkyk, P.K. Petrusburg.

AARTAPPELS EN AARTAPPELMOERE.—Nuwe seisoen se vars tafelaartappels, 32/6 per sak. Ook Arran Chief-moere vir lewering vanaf 15 Desember, 32/6. Irish Coblers-moere, gekweek van Goewerments-gesertifiseerde saad. Lewering, einde Desember, 35/- per sak. Alleenlik K.M.B. Van J. W. FERREIRA, Goedehoop, P.K. Armansvriend, oor Patensie-Stasie.

ANGELIERPLANTJIES. — Reuse Chabaud (Amerikaanse Saad). Aflewering April-November. Gemeng, Vleiskleur, Geel, Skarlakenrooi, 3/6 per dosyn, 20/- vir 100, £6-10-0 vir 1000. Kontant met bestelling. — SAFARI-BLOMKWEKERY, Posbus 66, Stellenbosch.

ANGELIERPLANTJIES. Pragtige sterk Amerikaanse Boom-Angelierplantjies, 3/6 vir 12, 20/- vir 100, £6-10-0 vir 1000, vir die volgende soorte: Corona, Regina, Snow Storm, Idaho Beauty en Salmon Regina. Bestellings word ook geneem vir later aflewering. — S. C. STANDER, Bus 20, Tzaneen.

DONKIEHINGS. — Swart-witpens donkiehings, 14 hand hoog, te koop; gee eersteklas werkesels. Eerste tjek van £15 kry hom. Op Ceresstasie gelaai. Skryf aan: VAN WYK BROERS, Slangfontein, Ceres.

EEN LISTER PETROL-ENJIN, 7 p.k. Op wiele. Prys £95. Te sien by A. P. STEYN, Waterkloof, P.K. Firgrove.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King" 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

HEUNING. — Bestel suiwer heuning. Kissie met 1 dosyn 1 lb. bottels, 25/6. Twee dosyn, 50/-, v.o.s. Levubu. Kissie en bottels kan terug gestuur word teen 2½d. per bottel en 9d. en 1/- per kissie. — Mev. D. POTGIETER, P.K. Levubu, oor Louis Trichardt.

HINGS. — Pragtige trippelaar-hings van 15½ hande hoog. Baie mak gewaarborg en vas in kar. Prys £25. Gelewer Hanoverweg-stasie. — D. J. v. d. WALT, Voëlfontein, Philipstown.

HONDE. — Rasegte Skaaphonde. Intelligent, waaksaam, baie fyn en gehoorsaam. Geen blaffers. Ouers almal onoortrefbaar by skape. Tewe £2-10-0 en £3-10-0 stuk. Reuns £5 stuk. Pare £7. Aflewering 6 weke en ouer. Gelewer Carnarvon-stasie. — JAN A. G. JACOBS, Kalkkuilen, Carnarvon.

HOUT. — Grofgesaagde S.-Afrikaanse dennehout: Insignus. Lengtes van ses tot sestien voet. 2 x 3 @ 4d., 1½ x 4½ @ 4½d., 1½ x 6 @ 6d. per lopende voet. Onmiddellike aflewering te George-stasie. Ander mate en lengtes op aanvraag. — J. F. MEYER, Blanco.

KELPIE-COLLIE SKAAPHONDJIES van uitstaande ouers. Tevredenheid gewaarborg. Reuntjies £2 10s., Tefies £1 10s. Ook geleerde skaaphond-reun. Skryf aan: JAN HAARHOFF, Posbus 115, Graaff-Reinet.

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929. Agentskap: Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk., Globe-Huis, Kerkstraat, Wynberg.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabrieksprys. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie". Tel. 136.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. — PETRA-MEUBELS, BPK., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

PLASE. — Die pragtige plaas Doornkop, 680 morge, in die bekende streek SWAERSHOEK, 4 myl van ALMA-STASIE, NYLSTROOM. Uitstekend vir vee, mielies en tabak. Goed omhein. £3,800.

Die veeplaas KLIPDRAAI, 635 morge, standhoudende water, omhein, 28 myl wes van die bekende vakansieoord WARMBAD, aan die grootpad. £2,500.

Skryf aan: I. M. PRINSLOO, POSBUS 19, OOGIES.

ROOKPYPE. — S.A. rookpype van waboomhout teen 20/- per dos. Nie minder as twee dos. Kontant met bestelling van: P. J. BARNARDT, Uniondale.

SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaner. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1, 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — Adres MEV. MARTIE VENTER. Possak Arbeidsloon, Bloemfontein.

SOUT TE KOOP. — Aandag Brandwagte: A1 59/0; no. 1 54/-; no. 2 49/- per ton, om onmiddellik te laai op Soutpan. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. — De Beer en De Beer, P.K. Florisbad Soutwerke.

SOUT TE KOOP. — Aandag Brandwagte: A1 59/0; no. 1 54/-; no. 2 49/- per ton, om onmiddellik te laai op Soutpan. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling.—F. DE BEER, P.K. Florisbad Soutwerke.

SOUT. — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. — Adres: VENTER en DU PLOOY, P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.

STOOM-ENJIN. — Ransomes Simms & Jefferies, 6—8 p.k., op wiele. In goeie werkende orde. Deur inspekteur getoets. Winskoop teen £75 gelewer my stasie. — A. MAREE, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Foon 136.

19—STAR-BOORMASJIEN, werk met stoom. Masjien kan gesien word op Hendrina. Vir besonderhede skryf aan: D. RABIE, Bus 20, Hendrina.

# Verjaardagketting

23 DESEMBER: Trienie Rickert, Rustenburg; Willem Achterbergh, Ohrigstad; F. D. Snyman, Mamagaliеskraal; Retha van der Walt, Kaapstad; Johanna Erasmus, Merweville; Gert Kruger, Wilgenhoutsdrift; Francina Toerien, Daljosaphat; Lulu Brand, Goodwood; C. Kruger, Bellville; Anna Burger, Montagu; Rudolf Archer, Nababeep; Francois Hugo, Rawsonville; Hendrik Liebenburg, Wilgenhoutsdrift; Magrieta Boshoff, George.

24 DESEMBER: Anna Smit, Middelburg, Tvl.; Maria de Wit, Aughrabies; Susanna Yonck, Groot-Brakrivier; James Mangles, Port Elizabeth; Louisa Olivier, Wilgenhoutsdrift; Willem van der Berg, Fouriesburg.

25 DESEMBER: Hendrik Achterberg, Ohrigstad; Magretha Blumenthal, George; Annamarie Andrag, Stellenbosch; Ilsa Andrag, Stellenbosch; Samuel Kamffer, Bellville; Christoffel van der Westhuizen, Mafeking; Jan Pichard, Paarl.

26 DESEMBER: Anna Marais, Kirkwood; Sanette Hugo, Franschhoek; Marius van der Walt, Port Elizabeth; Dalene Scheun, Rietbron; Adriaan Rademeyer, Essenbosch; Wikkie Vermeulen, Alheit; Thomas van Vuuren, Wilgenhoutsdrift.

27 DESEMBER: Hester Verster, Baltimore; Catharina van Tonder, Vaalkop; Louisa Nel, Aughrabies; Hettie Hugo, Tiervlei; Annette Jooste, Stellenbosch; Johannes Venter, Schuinsdrift; Anna Briers, Paarl; Abraham Schmidt, Port Elizabeth; Andrea Dreyer, Ceres; Barend Swart, Pinelands; Johannes Coetzee, Wilgenhoutsdrift; Catharina van Rensburg, Bethlehem.

28 DESEMBER: G. C. G. J. Botes, Maricodraai; H. C. Myburgh, Rashoop; Gerhardus Steenkamp, Potgietersrust; Hennel van der Walt, Beauty; Bettie du Plessis, Sutherland; Henrietta Joubert, Vlottenberg; Anna Flok, Beaufort-Wes; Alida Bothma, Fraserburg; Manda Kotzé, Bloemfontein.

29 DESEMBER: Francois Esterhuizen, Beaufort-Wes; Johanna Smit, Parow; J. L. Luttig, Fraserburg; A. Treurnicht, Bellville; Leonard Bosman, Stellenbosch; Machiel de Koker, Bulwater; Johannes Maritz, Carnarvon; Anna van Wyk, Rietvlei; Issa Rootman, Rustenburg; Sedonie Guillaume, Rustenburg; Margaretha Behrens, Rustenburg; Frederik Smit, Potchefstroom; L. Minnaar, Brits.

30 DESEMBER: Elizabeth Verwey, Beaufort-Wes; Chris Burger, Noord-Paarl; Radie Melville, Humansdorp; Anna van Deventer, Middleton; Franseen Smuts, Franschhoek; Frederik Pieters, Albertinia; Alida Theron, Fraserburg; Anna Saur, Ohrigstad; Gesina Dreyer, Bethlehem.

31 DESEMBER: Betsie Combrink, Utrecht; Yvonne van Reenen, Marquard; Matheus Giliomee, Potsdam; Cassie van Schalkwyk, Rustenburg; Martha van Straten, Rustenburg; Christiana de Bruin, Hoewal; Gawie Erasmus, Maribogo; Baynard Grundling, Kirkwood; Evelyn Ungerer, Kirkwood; Ockert Vermeulen, Fraserburg; Gabriel Erasmus, Maribogo; Petrus Burger, Kakamas; Allwyn Burger, Brandvlei.

1 JANUARIE: Jacobus le Roux, Stellenbosch; Anetta Lombard, Pearston; Gesina du Plessis, Bosmansrust; Jacomina Boshoff, Wilgenhoutsdrift; Dawie Blignaut, Agter-Paarl; Tobias Roux, Kirkwood; Alice Harmse, Port Elizabeth; Orlando Bornman, Stellenbosch.

2 JANUARIE: Elizabeth Erasmus, Merweville; Johanna Bosch, Humansdorp; Loui Wessels, Kirkwood; Ebenhaezer Meyer, George; Jacomina de Bruyn, Paarl; Alta von Wielligh, Bellville; Johanna van Staden, Groot-Marico; Driekie Eloff, Rustenburg; Marthinus du Plessis, Utrecht; Barend du Plessis, Marquard.

3 JANUARIE: Susanna van Staden, Amalia; Milla Smith, Kaapstad; Aletta Bekker, Beaufort-Wes; Anita Zeeman, Parow; Elizabeth Erasmus, Tiervlei; Willie Bruwer, Douglas; Manie Coetzee, Maribogo.

4 JANUARIE: Hercules Coetzee, Boons; Anna Jooste, Groenpan; Katriena Roux, Mamagalieskraal; Bessie de Villiers, Pretoria; Janetta van Meulen, Aughrabies; Samuel Wessels, Kirkwood; Madeline Vorster, Loxton; Martha van der Westhuizen, Loxton; J. Pansegrouw, Bellville; Stefanus Myburgh, Aughrabies; Stefanus Nieuwoudt, Maribogo.

5 JANUARIE: Louis Kotzé, Bloemfontein; Coenrad Stander, George; Martha Basson, Bellville; Pieter du Toit, Wellington; Jakobus Louw, Dalfesaphat; Maria Louw, Aughrabies; Bennie Wolfaard, Nieuwoudtville; Magdalena Scholtz, Maribogo; Johanna Arangies, Paarl; Petrus Korff, Dendron; Pieter Korff, Dendron; Marthinus de Beer, Dendron; E. C. Terblanche, Ganskuil.

6 JANUARIE: Elsie Haasbroek, Vryburg; Petrus Reneke, Lambrechtsdrift; J. Smith, Malmesbury; Willem Wilkinson, Tiervlei; Naomi Olivier, Port Elizabeth; Jan Venter, Maribogo.

7 JANUARIE: Jacoba Klue, George; Japie de Vries, Beaufort-Wes; Daniel van Greunen, Kirkwood; Freddie Freemen, Eppingtuindorp; Paul Kritzinger, Essenbosch.

8 JANUARIE: Helena Janse van Rensburg, Clocolan; Pieter Vermeulen, Sutherland; Jacob Cloete, Sutherland; Bertie Grobbelaar, Wellington; Hester le Roux, Fraserburg-weg; Isabella Pio, Groot-Brakrivier; Johanna Jacobs, Nababeep; P. Haasbroek, Bellville; Gerbrecht Louw, O'okiep; Zirkie Kruger, Maribogo; Machiel Krichner, Zoetdoorns; Rachel Erasmus, Skuinsdrift; Anna Eloff, Bosboek; Johanna Herbst, Hoewal.

9 JANUARIE: Anna Haasbroek, Vryburg; Willem Jacobs, Philippolis; Maria Byleveldt, Aughrabies; Nico van der Westhuizen, Stellenbosch; Achen Lutz, Noord-Paarl; Daphne van der Mescht, Port Elizabeth; Cornelia le Roux, Merweville; Jacobus Smit, Malmesbury; Martha van der Merwe, Bellville-Suid; Helette Kotzé, Moorreesburg; Karina Baard, Moorreesburg; Koos Slabbert, Paarl; James Scheun, Rietbron; Pieter van Zyl, Montagu; Frederick Tredoux, Tiervlei; Andries Willemse, Mamagalieskraal.

10 JAN.: Ramona Miller, Mamagalieskraal; Barend Nortje, Roelofskamp; Petrus Ellis, George; Helene Geldenhuys, Parow; Marguerita van Aardt, Somerset-Oos; Elsabe Ungerer, Kirkwood; Daniel de Villiers, Laingsburg; Louis Cronje, Groot-Brakrivier.

11 JAN.: Erica Klue, George; Yvonne Nel, Beaufort-Wes; Elizabeth du Toit, Wilgenhoutsdrift; Ena Koen, Mosselbaai; Dawid Mostert, Paardeberg; Marie Olivier, Bellville; E. Andersen, Bellville; Juliana Schoeman, Pearston; Gert Agembag, Marchand; Johannes Grobler, Dendron; Marthinus Deyzel, Limburg; Pieter Deyzel, Limburg; Sarel Botha, Kaaseput.

12 JAN.: Dawid van Niekerk, Potchefstroom; Willem Roux, Mamagalieskraal; Lukas Theron, George; Pieter Swanepoel, Beaufort-Wes; Johanna Smith, Malmesbury; Nellie Lombard, Bedford; Hennie Jordaan, Noorder-Paarl; Arthur Petersen, Tiervlei; Carl du Plessis; Maitland; Pierre Botha, Franschhoek; Hendrik Yonck, Groot-Brakrivier; Petra Wassermann, Kaapsedrift.

TROUROK van pragtige geëmbosseerde satyn, uitgewerk met blinkertjies en modieus gemaak met wye romp en sleep. Skoon, net eenmaal aangehad. Middelmatige grootte. Prys £12-10-0 (oorspronklik baie meer gekos). Kan portret voorsien. — Skryf aan: E.D., Posbus 1411, Kaapstad.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, Pretoria.

## WYNE

VYF GELLING Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3-17-6; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

## TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

BENODIG.—Groot hoeveelheid bees-, skaap- of bokmis. Meld prys en veldgeaardheid. HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg.

## BENODIG

VOORMAN. — Dringend benodig, getroude plaasvoorman, ouderdom nie bo 40 jaar nie, klein huisgesin. Moet vragmotor kan bestuur, moet kennis hê van gemengde boerdery en kleurlinge. Alleen eerlike en sober persone hoef aansoek te doen. Huis vry, 100 lb. meel per maand, 5 lb. vleis per week en melk, 1¼ morg tuingrond, kan pluimvee aanhou, een vark op hok. Meld salaris verlang. Moet diens so gou moontlik aanvaar. Doen aansoek by: Mnr. MICHAU VILJOEN, Privaat Sak, Moordkuil, Dist. Worcester.

'N BEKWAME MAN om te help met parstyd. Vry losies. £7 per maand. Moet bestuurderslisensie besit. Moet begin 1 Feb. 1946. Doen aansoek by: D. HAASBROEK, Lynedoch.

## WENSE VIR NUWE JAAR

GENL. C. L. DE JAGER wens alle offisiere en vriende 'n geseënde en voorspoedige Nuwe Jaar toe.

KOMDT. COMBRINCK EN GESIN, F3a2, wens die K.G., die A.K.G., die lede van die Grootraad, alle offisiere en brandwagte van sy Kommando en elders 'n geseënde en voorspoedige Nuwe Jaar toe.

G. F. C. TROSKIE EN GESIN van Aberdeen. — 'n Geseënde en voorspoedige Nuwe Jaar word aan die K.G., A.K.G., offisiere en brandwagte toegewens. Mag 1946 alle vorige verwagtings oortref.

HOOF-WAGKOMDT. H. T. HICKMAN van Kaapstad wens alle wagte, offisiere, brandwagte en ander vriende 'n baie gelukkige en geseënde Nuwe Jaar toe.

JEUGKOMDTE. S. M. DU PREEZ wil namens die Boerejeug van Pietersburg die K.G., A.K.G., alle O.B. en B.J.-offisiere en manskappe van harte 'n geseënde en voorspoedige Nuwe Jaar toewens.

Prediker 8 vers 5: Hy wat die gebod onderhou, sal niks verkeerds ondervind nie: en die hart van 'n wyse sal belewe die tyd en regterlike beslissing.

Uitgegee deur VOORSLAG (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

# 27 ste Jaarvergadering van SANLAM

## Nuwe Besigheid bedra £13,378,000

## Fondse styg met £1,405,000

## Saamgestelde Bonus nou £2%

## Nuwe Beleggingskorporasie met £2,000,000 kapitaal word deur SANLAM geloods

**Die 27ste Algemene Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Maatskappy, Bpk. („SANLAM") is op Woensdag, 19 Desember 1945 by die Hoofkantoor van die Maatskappy in Waalstraat, Kaapstad, gehou.**

**Die Voorsitter, die Edelagbare W. A. Hofmeyr, het die vergadering soos volg toegespreek:**

Voordat ek die aanname van die Jaarverslag van Direkteure en die Finansiële State ten opsigte van die boekjaar op 30 September geëindig voorstel, gee ek u volgens gebruik 'n oorsig van die jaar se werksaamhede. Ek wil dit egter baie kortliks doen, nie omdat die resultate onbelangrik of onbeduidend is nie — inteendeel, soos u self sal opmerk, het Sanlam in die afgelope jaar nuwe hoogtepunte bereik — maar omdat ek twee besondere bekendmakings te doen het, een waarvan nie in die Verslag van Direkteure gemeld word nie.

### NUWE BESIGHEID

Die ophoping van geld in ons land, die vertroue van die publiek in ons instelling, en die gunstige waardes wat Sanlam-polisse verskaf, het ons ywerige en bekwame veldstaf in staat gestel om in die afgelope jaar aansoeke om nuwe versekerings in te handig vir 'n versekerde bedrag van niks minder as £14,958,886 nie. Van dié aansoeke is daar 19,959 polisse vir £13,378,263 uitgereik (waarvan £46,559 herverseker is) — 'n vermeerdering van £1,804,066 op die vorige jaar se syfers. Die gemiddelde bedrag per polis is £670. Die jaarlikse premies op die netto nuwe versekerings bedra £394,011.

### INKOMSTE OORTREF £2,000,000

As gevolg van die groot bedrag aan nuwe besigheid uitgereik, en die feit dat die aantal vervalle en afgekoopte polisse weer besonder klein was, het ons premie-inkomste met £272,448 gestyg tot £1,883,438. Rente, diwidende en huur het £314,328 opgelewer, 'n vermeerdering van £43,597. Die totale inkomste was dus £2,197,766, of £316,345 meer as verlede jaar. Dit beteken 'n persentasie-vermeerdering van 16.8%.

### UITGAWE

Aan Eise is daar gedurende die jaar 'n bedrag van £302,904 uitbetaal, bestaande uit £204,188 aan doodeise, £87,718 aan vervaltydseise en £10,998 aan ongeskiktheidseise. Die totaal is £40,133 meer as verlede jaar. Dit is vir my aangenaam om te kan konstateer dat ons sterfte-ondervinding ook in die afgelope jaar baie gunstig was. Die verhoogde uitbetalings as gevolg van ongeskiktheid, hoewel veel laer as die beraamde syfer, toon aan watter waardevolle dekking ons Ongeskiktheidsvoordele verskaf, voordele wat vir polisse van £500 en meer kosteloos deur SANLAM voorsien word.

Nieteenstaande die verhoogde bedrag aan nuwe besigheid uitgereik en ander faktore soos lewenskostetoelae, wat die administrasiekoste vermeerder, het die Bestuur tog daarin geslaag om ons onkoste-persentasie aansienlik te verminder. Terwyl eerstejaars-premies met 13.1% vermeerder het en die totale jaarlikse premie-inkomste met 16.9%, was die styging in die uitgawe verbind aan nuwe besigheid slegs 12.0% en administrasiekoste slegs 13.8% meer. Vir hierdie prestasie die dank en waardering van Direkteure aan ons Hoofbestuurders en die kantoorstaf.

### LEWENSVERSEKERINGSFONDS

As gevolg van genoemde gunstige resultate het die Lewensversekeringsfonds met £1,405,806 vermeerder, en bedra nou £8,770,978. (Dit sluit egter nie die gebeurlikheidsfonds van £200,000 in nie.)

### RENTE

Ek het reeds aangetoon tot watter mate die inkomste uit rente, diwidende en huur vermeerder het. Bereken as 'n persentasie van die gemiddelde Lewensversekeringsfonds, het hierdie inkomste verminder van £4-1-0% na £3-19-6%. Hierdie daling in die rente is egter 'n verskynsel wat in ooreenstemming is met die ondervinding van vrywel alle kredietinstellings. Die nuwe beleggings gedurende die jaar gemaak, was nogtans teen die betreklike hoë gemiddelde rentevoet van £3-18-0%.

### WINSTE

Die Aktuaris van die Maatskappy rapporteer dat winste vir die afgelope jaar £469,316 bedra het, wat gelykstaan met 'n saamgestelde bonus van £2-5-9%. Ná vrystelling van die spesiale reserwe van £225,000 wat ten opsigte van oorlogseise opgebou was, was daar op 30 September 'n beskikbare surplus van £743,434.

Op aanbeveling van die Aktuaris het Direkteure besluit om die waarderingsbasis verder te versterk, en vir hierdie doel is £269,624 aangewend. Verder is 'n bedrag van £5,000 by wyse van 'n spesiale bydrae na die Kantoorstafpensioenfonds oorgedra. Dit het dan 'n surplus-balans van £468,810 oorgelaat.

### BONUS VERHOOG TOT £2%

Aangesien die oorlogsomstandighede wat aanleiding tot die vermindering van bonusse gegee het, nie meer bestaan nie, en omdat die bonusvooruitsigte van SANLAM besonder gunstig is, het die Raad op aanbeveling van die Aktuaris besluit om die bonus tot sy voor-oorlogse peil te verhoog. 'n Saamgestelde bonus van £2% is dus ten opsigte van die afgelope jaar verklaar op alle winsdelende polisse wat op 30 September 1945 van krag was. Die koste van hierdie bonus sal £410,110 in beslag neem. Die balans van die surplus, nl. £58,700, word na die lopende jaar oorgedra.

Verder moet ek verduidelik dat die Maatskappy ook 'n interim-bonus teen dieselfde koers verklaar het. Dit beteken 'n vooruitverklaring van 'n bonus vir dié gevalle waar polishouers in die lopende boekjaar te sterwe kom nadat hulle reeds op 'n nuwe polisjaar ingegaan het.

Dit, dan, is die eerste van die twee aankondigings waarvan ek aan die begin melding gemaak het, en wat ons polishouers seker sal verwelkom.

### OORLOGSPROBLEME

Eindelik het daar vrede gekom, hoewel dit nog maar as 'n baie onbestendige vrede beskou moet word. Daar dien onthou te word dat oorlog vir die Lewensversekeringsbedryf groter nadele en bekommernis meebring as vir die meeste ander bedrywe. By voorbeeld sterfte-uitbetalings styg dan in die hoogte weens eise voortvloeiende uit dood wat direk of indirek deur die oorlog veroorsaak word; die verhoogde lewenskoste bring 'n vermeerdering van administrasiekoste mee; en in die oorlogstydperk wat pas agter die rug is, het dit gepaard gegaan met 'n verlaging van die rente wat op beleggings behaal is.

Dit is met dankbaarheid dat ons oor die oorlogstydperk terugblik en bewyse sien dat SANLAM nie alleen met sukses oor hierdie gevare heengekom het nie maar ook van krag tot krag voortgegaan het. Die onderstaande vergelyking van ons jongste syfers met dié van die jaar 1939 sal vir ons polishouers 'n openbaring wees:—

| | Jaar geëindig 30/10/1939 | Jaar geëindig 30/10/1945 |
|---|---|---|
| Nuwe Versekerings uitgereik .. .. .. .. .. .. .. .. | £5,610,443 | £13,331,664 |
| Jaarlikse-Premie-inkomste .. .. .. .. .. .. .. .. | 795,895 | 1,883,438 |
| Totale Inkomste .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 929,103 | 2,197,766 |
| Lewensversekeringsfonds aan einde van die jaar | 3,394,165 | 8,770,978 |

As hierby nog in aanmerking geneem word dat daar in die afgelope ses jaar uit winste meer as £500,000 aangewend is vir die versterking van ons waarderingsbasis, kry u 'n beter indruk van die fenomenale vordering wat daar gemaak is.

### KAPITAALVOORSIENING VIR NA-OORLOGSE ONTWIKKELING

Die toekoms van SANLAM en sy polishouers hang vanselfsprekend saam met dié van Suid-Afrika. Die tydperk wat voor lê sal, naas die nuwe probleme en gevare wat hy sal oplewer, ook nuwe geleenthede skep — geleenthede vir ontwikkeling op staatkundige, kulturele, maatskaplike en ekonomiese gebied.

Verlede jaar het ek my sekere gedagtes laat ontval oor die algemene drang na bestaansbeveiliging wat uit die bitterheid en verwoesting van die oorlog gebore is, en die belangrike rol wat die lewensversekeringsbedryf in enige bestaansbeveiligingsprogram kan en moet speel. Ek het toe aangetoon hoedat alle staatsplanne in verband met bestaansbeveiliging en beter maatskaplike dienste per slot van rekening op 'n herverdeling van die volksinkome neerkom, en dat selfs die Staat nie meer kan uitdeel as waaroor hy beskik nie. As ons dus die lewenspeil van die bevolking van hierdie land wil verhoog, dan moet die volksinkome vergroot word. Daar moet meer aan dienste en verbruiksgoedere geproduseer word. Ons landbou, ons mynbou en ons nywerhede moet verder ontwikkel word. En hiervoor is nodig die regte ondernemingsgees, tegniese vaardigheid, geskoolde arbeid — en kapitaal! Ek het toe beëindig deur te vra of daar wel genoeg ondernemerskapitaal, d.w.s. risikokapitaal, is.

Na aanleiding hiervan verwys ek u graag na die interessante en uiters leersame toespraak van die president van die Reserwebank by geleentheid van die jaarvergadering van dié bank op 27 Julie l.l. Rakende die kwessie van die geldbeleid van die Unie het hy homself soos volg uitgelaat:—

„Intussen moet die betekenis van die geldpolitiek op sigself nie oordryf word nie. Dit is weliswaar 'n belangrike faktor in die ekonomiese en maatskaplike bestaan van 'n nasie, maar dit kan geen wondere verrig nie, en dit kan ons nie van ekonomiese en politieke sondes vryspreek nie. . . . Ons het nog nie so slim geword dat ons uit niks iets te voorskyn kan toor, of welvaart kan vernietig en dit tog behou nie; . . . dat ons, sonder meer, voorspoed kan erlang en nie daarvoor hoef te arbei nie; . . . of dat ons sonder prysinflasie en gelddepresie die hoeveelheid koopkrag willekeurig kan vermeerder deur die voortdurende skepping van sogenaamde „kostelose krediet" deur of ten behoewe van die Staat."

Wat betref die kapitaalmark het hy tot die gevolgtrekking gekom dat „. . . 'n aansienlike deel van die bestaande ontsaglike totaal aan bankdeposito's bestaan uit braakliggende kapitaal wat op belegging in die een of ander vorm wag."

Maar hy het tewens bygevoeg:—

„In ooreenstemming met die neiging in baie lande, beland 'n aansienlike deel van die Unie se kapitaal, wat in belangrike mate afkomstig is van persone wat telkens slegs klein bedrae spaar en wat in elk geval nie oor die nodige kennis en geleentheid vir regstreekse belegging beskik nie, in die hande van die handelsbanke, spaarbanke, bouverenigings, versekeringsmaatskappye, trustmaatskappye en ander finansiële instellings. Ooreenkomstig die wet en die eise van versigtige finansiële beleid, moet hierdie instellings 'n deel van hul middele in staatseffekte en ander „likwiede bate" belê; en tradisionele konserwatisme sowel as beperkte moontlikhede van veilige belegging in uiteenlopende rigting lei daartoe dat hulle die orige middele hoofsaaklik in verbande steek. Andersyds het die hoë en progressiewe inkomste- en boedelbelastings 'n neiging om die vorming van risiko-kapitaal te strem."

Ek kan bevestig dat daar, as gevolg van hierdie toestande, vandag 'n ongesonde wedywering vir die verkry van verbande merkbaar is.

Dit alles versterk my in die gevolgtrekking waartoe ek verlede jaar gekom het, nl. dat daar 'n oorvloed is van kapitaal wat aangebied word vir leningsekuriteite (soos Regerings- en munisipale effekte, skuldbriewe en verbande), maar 'n tekort aan risikokapitaal vir die behoorlike ontwikkeling van ons mynbou en nywerhede.

Soos ek destyds aangetoon het, kan die posisie gedeeltelik verhelp word indien kredietinstellings — veral Lewensversekeringsmaatskappye—hulle fondse tot 'n groter mate in voorkeuraandele sou belê. Maar dit is nie genoeg vir die doel nie. Om aan die ander kant die kleinbelegger aan te moedig om sy geld direk in gewone aandele te belê sou, algemeen gesproke, onverstandig wees, want dit ontbreek hom meestal aan die nodige vakkundige kennis en oordeelkundigheid. Aangesien die grootste gros van spaargelde na ons kredietinstellings vloei, skyn die enigste oplossing dus te wees dat 'n gedeelte van die opgegaarde kapitaal by sommige van die kredietinstellings vir die vorming van sulke risiko-kapitaal beskikbaar gestel word.

Ons Banke kan dit ongelukkig nie bo 'n sekere perk doen sonder om gevaar te loop om daardeur die volume geld te vermeerder en inflasie in die hand te werk nie. Ons Bougenootskappe, weer, moet hulself volgens wetsbepalings hoofsaaklik tot verbande op stedelike en dorps-eiendomme en tot regeringseffekte beperk. Van al die krediet-instellings is die Lewensversekeringsmaatskappye die enigstes wat hier nie aan bande gelê is nie en dus 'n veelsydige beleggingsbeleid kan volg. Maar ook hiér staan „tradisionele konserwatisme" en 'n verstaanbare ongeneentheid om die onbekende te betree, hierdie nuwe beleggingsmoontlikheid in die weg. U direkteure het sorgvuldige aandag aan hierdie saak gegee, maar om genoemde redes, en ook omdat hulle nie oortuig voel dat so 'n stap die algemene goedkeuring van ons polishouers sou wegdra nie, is hulle nie bereid om op hierdie stadium tot grootskaalse belegging van die Maatskappy se fondse in gewone aandele oor te gaan nie.

En tog is u direkteure vas oortuig dat gesonde en meer renderende beleggings wél in dié rigting vir polishouers gevind kan word — natuurlik mits sekere noodsaaklike voorsorgmaatreëls toegepas word. Hulle gaan uit van die standpunt dat 'n mate van risiko onafskeidbaar aan alle beleggingsvorms verbind is. Maar hulle beskou ook dat, deur die toepassing van gesonde versekeringsbeginsels, die risiko verminder en die netto-opbrengs op beleggings vermeerder kan word. Versekeringsmaatskappye handel in risiko's — hulle verskaf naamlik dekking teen risiko's — en tog word hulle tereg onder die veiligste van ons kredietinstellings gereken! Hulle beveilig hulle besigheid op tweërlei maniere, nl. deur die sorgvuldige seleksie van risiko's, en deur die behoorlike verspreiding daarvan. U direkteure glo dat dieselfde gesonde beginsels ook op die beleggingsterrein toegepas kan word. Hiervoor is nodig 'n groot beleggingskorporasie waarin tegniese werkkragte staan wat die nodige bekwaamheid en ervaring besit om die regte seleksie te doen, en waarbinne 'n genoegsame verspreiding en verskeidenheid van beleggings kan geskied.

Dit bring my dan tot die tweede beloofde aankondigings:—

### NUWE BELEGGINGSKORPORASIE MET £2,000,000 KAPITAAL WORD GESTIG

Om bogenoemde redes het u direkteure, ná raadpleging met vooraanstaande en gesaghebbende persone op die gebied van finansies, die mynbou en die nywerheid, besluit om oor te gaan tot die stigting van 'n Beleggingskorporasie, waaraan polishouers volgens eie vrye keuse kan deelneem — 'n punt wat ek moet beklemtoon. Die nominale kapitaal sal £2,000,000 wees, bestaande uit 80,000 kontribuerende aandele van £25 elk. Sodra 'n kontribuerende aandeel volopbetaald is, sal dit outomaties omgeskep word in 50 gewone aandele van 10/- elk. SANLAM self sal dadelik £100,000 van die kapitaal opneem.

Aan bestaande en toekomstige houers van polisse van £500 en meer onder die gewone winsdelende tabelle, sal die keuse gegee word om hulle bonusse in die toekoms soos in die verlede te ontvang (d.w.s. as byvoegings by die versekerde bedrag, en uitbetaalbaar gelyktydig met die versekerde bedrag) óf dan by wyse van kontant-bonusse, d.w.s. die volle gelykstaande kontantwaarde volgens die waarderingsbasis. Diegene wat kontant-bonusse verkies, kan verder besluit of hulle die kontant sal neem, dan wel of dit vir die aankoop van kontribuerende aandele in die beleggingskorporasie aangewend moet word. Kies hulle die laasgenoemde, dan gee hulle 'n volmag aan die trustees om die nodige stappe namens hulle te doen. Dié volmag, mag ek beklemtoon, **kan te enige tyd deur die polishouer herroep word.** Bestaande polishouers moet die keuse vóór 30 Junie 1946 uitoefen, en kan ook die volle ekwivalente kontantwaarde van hulle opgegaarde bonusse ontvang.

Afgesien van die aandele deur SANLAM opgeneem, sal die balans van die kapitaal in reserwe gehou word uitsluitlik vir dié polishouers wat hulle kontantbonusse op dié manier wil belê. Sodra kontribuerende aandele in gewone aandele omgeskep is, sal laasgenoemde vryelik oordraagbaar wees. Aansoek om 'n beursnotering op die Johannesburgse beurs sal gedoen word, en onderhandelings met die oog daarop is reeds aangeknoop.

Die nuwe Korporasie sal sy kapitaal belê in gewone en voorkeuraandele, skuldbriewe of enige ander sekuriteite, soos sy direksie mag goedvind.

Die Statute sal voorsiening vir 'n Direksie van hoogstens sewe lede maak, wat deur aandeelhouers op die eerste statutêre vergadering gekies sal word. Die voorlopige Direksie sal uit vyf lede bestaan, twee waarvan reeds benoem is.

Omdat ek volle vertroue in die sukses van die nuwe onderneming het en oortuig is van die belangrike bydrae wat hy, veral op nywerheidsgebied, tot die ontwikkeling van ons land kan lewer, het ek op versoek van my mededirekteure ingewillig om op die voorlopige direksie te dien.

Die pos van Besturende Direkteur van die Korporasie is aan dr. M. S. Louw aangebied. Reëlings is deur die SANLAM-direksie met dr. Louw getref waarvolgens hy die aangebode betrekking kan aanvaar met behoud van sy posisie van Mede-Hoofbestuurder van SANLAM. Hoewel hy op eie versoek as Aktuaris van SANLAM en as Hoofbestuurder van ons filiaal-maatskappy, die African Homes Trust and Insurance Company, Ltd., aftree, sal sy dienste as Konsulterende Aktuaris nog tot die beskikking van beide maatskappye wees.

Ons meen dat die Beleggingskorporasie met die verkryging van dr. Louw se dienste gelukgewens kan word en dat die onderneming onder sy bekwame en ervare leiding, en met die steun van ons polishouers, 'n voorspoedige toekoms tegemoetgaan.

Ek wil hier ten sterkste beklemtoon dat die Korporasie, in weerwil daarvan dat hy 'n heeltemal nuwe rigting inslaan, alleen ná die grondigste ondersoek in die lewe geroep word, en dat sy verbintenis met SANLAM waarborg dat die seleksie en verspreiding van sy beleggings met die grootste omsigtigheid en deeglikheid gedoen sal word.

Dit dien ook benadruk te word dat, waar die indiwidu hom tot nogtoe dikwels op aandele toegelê het tot verwaarlosing van sy assuransieverpligtings, die Korporasie hom nou vir die eerste maal die geleentheid bied om albei behoeftes te bevredig. Aandele wat hy sodoende opneem is 'n aanvulling van sy assuransie, en nie 'n plaasvervanger daarvan nie! Die feit dat hy nou in staat gestel sal word om juis met behulp van sy assuransiewinste ook 'n aandeel in die nywerheidsontwikkeling van ons land te verkry, sal op sigself al stabiliserend inwerk en daartoe bydra om die wilde spekulasiegees wat maar alte dikwels met aandelebelegging gepaard gaan, teen te werk. Die Korporasie sal dus 'n wesentlike leemte in ons ekonomiese struktuur help vul.

### PERSONEEL

As gevolg van bogenoemde veranderings word mnr. G. D. Wilson Hoofbestuurder van die African Homes Trust, waarvan hy reeds Aktuaris is. Mnr. A. D. Wassenaar en dr. G. H. Hansmann, tans Assistent-Aktuarisse, word Aktuarisse van SANLAM.

Die buitengewone prestasies van ons Maatskappy in die afgelope jaar soos hierbo aangetoon, is in groot mate te danke aan die toegewyde ywer en bekwame dienste van ons mede-hoofbestuurders en hulle medewerkers, die buite- sowel as binne-personeel. Direkteure betuig graag hiermee hulle innige dank en waardering vir dié waardevolle dienste.

### DIREKTEURE

Mnr. J. N. Swart, hoofbestuurder van die Oostelike Transvaalse Koöperatiewe Landboumaatskappy Bpk., Bethal, is gedurende die jaar tot lid van ons Plaaslike Raad in Transvaal benoem om 'n bestaande vakature te vul.

Ten slotte my persoonlike dank aan mede-direkteure en lede van ons Plaaslike Rade vir bekwame hulp en hartlike samewerking by die nakoming van belangrike en soms moeilike pligte.

Met genoeë stel ek dan voor die aanname van ons Verslag van Direkteure, benewens dié van ons Ouditeure, met die balansstaat en wins- en verliesrekening.

## Oorname Van Piet Retief

Volgens opdrag uit Organisasie-hoofkwartier is op 29 November oorgegaan tot reorganisasie op Piet Retief. Die dorp wat deel van Gebied E was sal voortaan by Gebied D ingesluit word.

Die nodige offisiers-aanstellings sal met verloop van tyd gemaak word.

Die hoop word gekoester dat 'n sterk eenheid opgebou sal word.

Na samesprekings met hoofgenl. Opperman, in bevel van Gebied E, en die plaaslike offisier, genl. Scheepers, is voorlopig ooreengekom i.v.m. afbakening van die gebiede. Ongelukkig kon genls. Opperman en Scheepers, weens dringende organisatoriese werksaamhede elders, nie al die verrigtinge bywoon nie.

Die aand om agtuur is onder voorsitterskap van oud-komdt. Ferdinand Meyer en onder beskerming van 'n puik Wagafdeling uit Gebied D, met wagkapt. C. Davel in bevel, 'n openbare vergadering toegespreek deur die gebiedsleier, genl. C. A. Pienaar, genl. W. van Rooyen.

Die vergadering is ten spyte van die „vrede" vereer deur die teenwoordigheid van polisie en politieke speurders — simbool van die demokratiese vryheid — wat oortyd gewerk het om die toesprake te rapporteer.

## Edenville Werk Lekker

Die Edenville-kommando het hulle werksaamhede vanjaar 12 Des. afgesluit met 'n gesellige byeenkoms ten huise van mev. Chrissie Haefele.

Na die vlaghysing is toesprake deur die offisiere gelewer, en spesiale melding is gemaak van hartlike samewerking gedurende die afgelope jaar.

Verversinge is toe bedien en daarna is Kersfees-geskenke aan die boerejeug-lede oorhandig.

Die vroue-kommando wat al die opofferings gedoen het voel beloon vir hulle werk, deur die gees waarin die kinders die geskenke ontvang het. Die verrigtinge is afgesluit met gesamentlike sang.—(Eie berig.)

## Waardering Vir O.B.-Noodhulp-Fonds

Mnr. C. C. van Graan, Dalton, Natal, skryf aan die Noodhulpfondskomitee:

Hiermee wil ek baie graag my innige dank uitspreek vir die hulp en bystand aan my afhanklikes verleen gedurende die tyd van my afwesigheid!

Woorde kan nie my innige dank uitspreek teenoor u vir wat u gedaan het nie, daarom, menere, ontvang my opregte en innige dank vir die ondersteuning verleen.

Ek is oortuig daarvan dat as dit nie was vir die O.B.-Noodhulpfonds nie, dan was daar vandag menige Afrikanergesin reddeloos of miskien tot die bedelstaf gedwing.

Maar daardie onderneming het homself bewys, en toon ook dat wanneer ons as Afrikaners 'n onderneming wil deursit dan kan ons, maar daar moet samewerking wees.

Ontvang daarom nogmaals my innige en opregte dank vir u ondersteuning tot dusver.

Daar ek nou 'n goeie betrekking het meen ek dat dit billik sou wees dat u die toelaag, tot dusver deur my afhanklikes ontvang, aan 'n minderbevoorregte kan skenk.

# Sal Dit Gewete Van Die Wêreld Skok?

## Onbeskryflike Lyding van die Duitse Volk

### Brit Se Openbaring

**„Daar heers hongersnood in Berlyn", skryf 'n majoor in die Britse leër in die Septemberuitgawe van die Engelse nuusblad John Bull. Dis 'n alledaagse verskynsel dat mense wekelank slegs 'n paar korsies brood het om van te lewe.**

Enige geneesheer sal getuig dat dit nie in die menslike behoeftes kan voldoen nie, en dat mense veral in die wintermaande die prooi van enige siekte sal word. Die melkrantsoen vir babas beloop minder as 'n pint per dag en dit gebeur dikwels dat melk onverkrygbaar is.

**„Indien hierdie toestand voortduur sal daar nie veel babas of ou mense in die lente aan die lewe wees nie."**

Die skrywer meld dat daar geen steenkool is nie en dat die huise in die wintermaande nie verhit sal kan word nie. Daar sal in die winter groot getalle persone van koue omkom.

**Verplaaste Duitsers van Pruise, Pole, Pommere, en Silisië word op barbaarse wyse behandel en mans, vrouens en kinders word meedoënloos om die lewe gebring. Die treine wat daagliks in Berlyn aankom met vlugtelinge is propvol lyke en sterwendes.**

Sê die Brit: Dit is my mening dat die gebeure wat teenswoordig plaasvind 'n skandvlek op die beskawing is.

#### DIE KOMMUNISTE

„Wat die optrede van die Russiese troepe betref baat dit nie om jou kop soos 'n volstruis in die sand te steek nie. Hul beskouing van dissipline verskil hemelsbreed van dié van die Britse, Amerikaanse en Franse troepe.

**Die roof, verkragting en moorde wat deur hulle in alle dele van Berlyn gepleeg word het die slegste moontlike uitwerking op die Britse, Amerikaanse en Franse soldate, en die Russe is vinnig besig om die vriendskapsbande tussen die verskillende geallieerde lande te verbreek. Hul optrede maak ook die kommunisme in Duitsland dood. Die Duitsers sê: „As dit kommunisme is — nee dankie."**

#### 13,000,000 LY GEBREK

In sy hoofartikel verklaar die blad John Bull dat honderdduisende Duitse kindertjies honger ly. „Sommige is soet kindertjies, ander is miskien partymaal stout maar geeneen van hulle het opgeswelde knietjies en magies, dun armpies en maer gesiggies verdien wat die wrange vrug van voortdurende hongerly is nie."

**Die blad wys daarop dat 13,000,000 Duitsers tans broodgebrek ly. Diegene wat die swaarste ly is bejaardes, vrouens en kinders. Baie van hulle sal hierdie winter omkom. Die lyke van Duitsers wat uit die besette gebiede gevlug het kom daagliks in Berlyn aan. Die lyke word op dis ashope gegooi.**

Ten slotte spreek die blad die hoop uit dat die openbarings van hierdie Britse soldaat, wat in die burgerlike lewe 'n advokaat van beroep was, die gewete van die wêreld sal skok.

### DOOIEPUNT IN ROEMENIË EN BOELGARYE

Die Opposisiepartye in Roemenië en Boelgarye weier om tot hul onderskeie kommunistiese regerings toe te tree. Laasgenoemde kan gevolglik nie verbreed word volgens Moskouse besluite nie, berig Sapa.

Die kommunistiese regerings het nie een-agste persent van die bevolkings se steun nie word verklaar.

Die opposisiepartye sal tot die regerings toetree mits propaganda uit die hande van die kommuniste geneem word en nuwe vrye verkiesings gehou word.



**Moedige Duitse vroue wat uit Pole en Tsjeggo-Slowakye verjaag is, sit op 'n stasie met hul paar bondeltjies besittings en wag op die genade van hul vyande. Ondertussen word Duitse leiers „verhoor" op aanklag dat hulle burgerlike bevolkings „verplaas" het!**

### UNIALE LAERTREK

(Vervolg van bl. 1 kol. 2)

Intussen het die stryd teen die O.B. en sy verdediging fel toegeneem. Die oorlog se einde het aangebreek en die O.B. het onvernietigbaar uitgekom. Wat hulle met oorlogsgeweld en oorlogspolitiek nie kan vernietig nie, kan hulle in vrede nog minder vernietig.

#### DIE KOMENDE LAERTREK

Helder oop lê die pad nou. Die taak is nou eers groter en ernstiger. Die geleentheid vir die O.B. om sy besluit van 1941 verwerklik te sien, word daagliks gunstiger.

**En nou vind die Laertrekking op 7 en 8 Februarie plaas. Nou word vir die eerstemaal in vredestyd die O.B. gegun om sy strydleër te herbewapen. Nou sal die Laer ingerig kan word vir die verdere, maar sekerder stryd tot bereiking van ons doel. Nou eers kan oorgeskakel word na 'n hoër versnelling, wat die opdraende sal uitgly!**

Op Bloemfontein op 7 en 8 Februarie sal die offisiere en die leiding mekaar in gesamentlike beraadslagings en ten aanhore van die beleid en taktiek, ontmoet.

**Niemand bly weg nie. Daar sal die antwoord gegee word op die vraag: Hoe? Wanneer?**

Belangrike organisasie-besluite en planne sal voorgelê word, o.a. die instelling van verteenwoordigende rade, soos bv. 'n kommandoraad, ens., met wyer verspreide verantwoordelikheid; die stelsel van benoeming van offisiere vir aanstelling en periodieke verstryking van dienstermyne van die laagste tot die hoogste rang in die O.B.

**Die Laer gaan die oorskakeling van die oorlogsorganisasie na die vredetydse wees, en die aanpassing by 'n strydmetode wat met die veranderde omstandighede rekening hou.**

**Die pad lê nou wyd oop, vorentoe; die doelwit nader in sig!**

### Kwaai Droogte

**Groot dele van Suid-Afrika verkeer nog steeds in die greep van 'n ontsettende droogte.**

**Geweldige haelstorms het in sommige dele van die Vrystaat en Transvaal losgebars. In Kaapland het weinig of geen reën uitgesak nie.**

**Die toestand in die hele land is baie kritiek.**

#### BIDDAG OM REËN

As gevolg van vertoë wat deur etlike Kerke gemaak is, is dit die wens van die regering dat vandag, Woensdag, 9 Januarie, dwarsdeur die land beskou sal word as 'n dag van verootmoediging en gebed vir reën.

Die Moderators van die verskillende Kerke het 'n sodanige beroep op hul gemeentes gedoen.

## *Moskouse Konferensie*

# Kommuniste Lag in Hul Vuiste

**Die konferensie van die ministers van buitelandse sake, Molotof, Byrnes en Bevin, van Rusland, V.S.A. en Brittanje onderskeidelik, wat tussen 16 en 26 Desember in Moskou gehou is, was 'n onvervalste oorwinning vir Rusland.**

**Die besluite wat geneem is — en nie geneem is nie — verraai deurgaans die vernederende kompromisse wat die Angel-Saksers moes toestaan teneinde die kommuniste se uiterlike inskiklikheid te behou. Die mees dringende sake en die ontplofbaarste aangeleenthede is glad nie bespreek nie.**

**Die kommunistiese elemente dwarsdeur die wêreld lag in hul vuiste oor die sukses van die konferensie terwyl die fatsoenlike deel van die wêreld swyg of uiters versigtige kommentaar lewer.**

Die Moskouse konferensie het besluit om vóór Mei 1946 'n Algemene Vergadering van die Verenigde Volke, d.i. 'n Vredeskonferensie te belê vir die doeleindes van finale vredesverdrae met Italië, Roemenië, Boelgarye, Hongarye en Finland.

Daar word geen melding gemaak van Duitsland of Japan nie.

**Rusland, sowel as twee van sy provinsies of sowjette, nl. Wit-Rusland en die Oekraïne sal elkeen afsonderlik aan die konferensie deelneem. Dit is 'n toegewing aan Rusland omdat Kanada, Australië, Suid-Afrika en Nu-Seeland ook op die konferensie verteenwoordig sal wees, en omdat Rusland hierdie lande as kolonies van die Britse Ryk beskou — selfs ten spyte van Brittanje en die V.S.A. se ontkenning.**

#### CHINA

Voorts is in Moskou besluit tot die instelling van 'n Verre Ooste-kommissie om die plek in te neem van die bestaande Verre Ooste Adviserende Kommissie. Die nuwe kommissie sal 'n beleidsfunksie hê en sal niks te sê hê t.o.v. militêre verrigtings of territoriale afbakening nie.

Ten aansien van China is besluit dat die Russe en die Amerikaners saamstem oor die wenslikheid dat hulle troepe China sal verlaat sodra ontruiming te rym is met die uitvoering van hul verpligtinge en verantwoordelikhede.

Vir Japan is 'n Geallieerde Raad ingestel, bestaande uit 'n voorsitter (verteenwoordiger van die V.S.A.), 'n lid vir Rusland, 'n lid vir China en 'n lid vir Brittanje, Nu-Seeland, Australië en Indië gesamentlik — 'n verdere toegewing aan Rusland se ontkenning van Australië, ens. se onafhanklikheid.

**In hierdie raad kry Rusland seggenskap t.o.v. Japan wat Amerika verower het.**

Ten einde Korea weer 'n onafhanklike staat te maak en hom op demokratiese grondslag te laat ontwikkel, is besluit om 'n voorlopige demokratiese regering vir Korea in te stel.

Amerika en Brittanje het toegestem om die kommunistiese regerings van Roemenië en Boelgarye te erken soos Rusland reeds lankal gedoen het, sodra die genoemde regerings hulleself verbreed deur opname van „demokratiese" elemente in hul onderskeie lande.

**Dit beteken 'n versterking van die Russiese invloed in die Balkan.**

#### ATOOMKRAG

Laastens het die konferensie besluit om die skepping, by die Vergadering van Verenigde Volke, aan te beveel van 'n kommissie om probleme t.o.v. atoomkrag en verwante probleme te ondersoek. Voornemens is om voor te stel dat atoomkrag vir doeleindes van oorlogvoering uitgeskakel word.

**Onthou sal word dat Rusland dusver nog nie oor die atoomgeheim beskik nie. James Byrnes, Amerikaanse buitelandse minister, het uitdruklik verseker dat die geheim beslis nie verklap is nie.**

Veral interessant in verband met die Moskouse konferensie is die sake waaroor geen besluit geneem is nie, en miskien ook nie eers bespreek is nie.

#### ONAANGEROERDE SAKE

Oor Russiese oogmerke in die Midde-Ooste, die Balkan, die Baltiese State en China is geen verduideliking gevra nie en die Russe het ook nie vertel waarom hulle gebiede inpalm en onskuldige volke insluk nie.

Daar is geen woord oor Duitsland gerep nie — nòg oor die ellende van sy bevolking, nòg oor die struweling tussen sy veroweraars.

Voedselvoorsiening en mediese diensverskaffing aan hongerlydende en sterwende Europa was nie ter sprake nie.

Nêrens is 'n woord gespreek oor die onhebbelike gedrag — grootskaalse verkragting, roof en plundering — van die Russiese soldatedom in Europa nie.

Daar was nie eers melding van invloedsfere nie, wat nog te sê van die afbakening daarvan.

Geen verduideliking is gevra van die snedige kommentaar wat die Russe tydens die sitting van die konferensie oor die Brits-Amerikaanse koloniale beleid gelewer het nie.

**Rusland het alle rede om tevrede te wees met die Moskouse konferensie.**